

*Die God Wat*

# HERSTEL



LOVE GOD GREATLY AFRIKAANS JOERNAAL

*DIE GOD WAT HERSTEL*

Kopiereg © 2022 deur Love God Greatly Bediening

Toestemming word verleen om hierdie dokument te druk en te herproduseer vir die doel om die *Die God Wat Herstel* aanlyn Bybelstudie te voltooi. Moet asseblief nie hierdie dokument op enige manier verander nie. Alle regte voorbehou.
Gepubliseer in Dallas deur Love God Greatly.

WANNEER VROUE
TOEGERUS IS MET DIE
KENNIS VAN GOD SE
WAARHEID, WORD DIE
WÊRELD VERANDER,
EEN VROU OP 'N SLAG.

# INHOUD


*003* WELKOM

*004* INLIGTING OOR LGG

*005* ONS MISSIE

*006* SOAP BYBELSTUDIE METODE

*009* GETUIENIS

*010* WÊRELDWYE BEDIENING

*011* KEN HIERDIE WAARHEDE

*014* INLEIDING

*015* LEESPLAN

*017* DOELWITTE

*018* WEEK 1

*043* WEEK 2

*066* WEEK 3

*089* WEEK 4

*112* SLUIT BY ONS AAN

*113* VIR JOU

*Vir Jou*

IS DAAR
GEBID; DIT IS
GEEN TOEVAL
DAT JY AAN
HIERDIE STUDIE
DEELNEEM NIE.

## WELKOM!

Ons is verheug dat jy besluit het om by ons aan te sluit vir hierdie Bybelstudie! Weet dat daar vir jou gebid is; dit is geen toeval dat jy aan hierdie studie deelneem nie.

Ons gebed vir jou is eenvoudig: dat jy nader aan God sal groei soos jy jouself daagliks in sy Woord verdiep! Voordat jy begin om die aangewese Bybelverse vir die dag te lees, bid en vra God om jou te help om dit te verstaan. Vra Hom om deur sy Woord met jou te praat. Luister dan. Glo dat Hy getrou sal wees om tot jou te spreek. Wees getrou om te luister en te gehoorsaam.

Neem tyd om die verse oor en oor te lees. Die Bybel leer vir ons dat wanneer ons wysheid soek soos ons silwer sou soek, en dit opspoor soos ‘n verborge skat, dan sal ons weet hoe om die Here te dien en sal ons ontdek wat dit is om God te ken. (Spr. 2:4-5)

Almal van ons hier by Love God Greatly kan nie wag vir jou om te begin nie, en ons hoop om jou by die wenstreep te sien. Volhard, druk deur; moenie opgee nie! Eindig sterk met dít waarmee jy vandag begin.

Ons sal elke tree van die pad hier wees om jou aan te moedig! Ons is met jou. Kom ons sien wat God vir ons wil openbaar in hierdie studie. Reis saam met ons soos ons leer om God heelhartig met ons lewens lief te hê!

## OOR LGG

Love God Greatly bestaan om vroue reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus om God heelhartig lief te hê met hulle lewens.

Ons wil vroue INSPIREER om God se Woord 'n prioriteit te maak in hulle daaglikse lewens, deur middel van ons Bybelstudie hulpbronne.

Ons wil vroue AANMOEDIG in hulle daaglikse lewenswandel met God, deur middel van 'n aanlyn gemeenskap en persoonlike aanspreeklikheid.

Ons wil vroue TOERUS om in hulle geloof te groei, sodat hulle effektief ander mense vir Christus kan bereik.

Ons begin met 'n eenvoudige Bybelleesplan, maar dit eindig nie daar nie. Sommige vroue kom bymekaar in hulle huise en plaaslike kerke, terwyl ander aanlyn met vroue reg oor die wêreld inskakel. Watter metode ookal gebruik word, ons vou liefdevol ons arms om mekaar en verenig vir hierdie doel: om God heelhartig met ons lewens lief te hê.

By Love God Greatly sal jy ware, lewensegte vroue vind. Vroue wat minder van mekaar, en baie meer van Jesus begeer. Vroue wat daarna smag om God deur sy Woord te ken, want ons weet dat Waarheid ons hervorm en vrymaak. Vroue wat beter is wanneer hulle saam is, versadig in God se Woord en in 'n gemeenskap met mekaar.

Love God Greatly is toegewyd om kwaliteit Bybelstudiemateriaal te voorsien en glo dat finansies nooit in die pad moet staan van enige vrou om te kan deelneem aan een van ons Bybelstudies nie. Alle joernale is beskikbaar om gratis afgelaai te word van LoveGodGreatly.com

Ons joernale en boeke kan ook op Amazon gekoop word. Soek vir "Love God Greatly" om al ons Bybelstudie joernale en boeke te sien.

*JY SAL VROUE VIND WAT ONVOLMAAK EN TOG VERGEWE IS.*

Love God Greatly is 'n 501 (C) (3) nie-winsgewende organisasie. Bevondsing vir Love God Greatly kom van donasies en opbrengste van ons aanlyn Bybelstudie joernale en boeke.

Een-honderd persent van die opbrengs gaan direk terug in die ondersteuning van Love God Greatly en help ons om vrouens reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus met God se Woord.

Arm-in-arm en hand-in-hand, kom ons doen dit saam.

# ONS MISSIE

## DIE BEHOEFTE

Biljoene vroue reg oor die wêreld het nie toegang tot God se Woord in hul eie moedertaal nie. Diegene wat wel 'n Bybel in hul eie taal het, het nie altyd Bybelstudiemateriaal wat spesiaal vir vroue ontwikkel is nie.

## DIE MISSIE

Love God Greatly bied Bybelstudies in meer as 40 tale aan. Ons rus sendelinge, Christelike organisasies, plaaslike kerke en vroue op 'n ongeëwenaarde wyse toe met God se Woord, deur toe te laat dat ons joernale gratis van ons internasionale webblaaie afgelaai kan word.

Deur die Bybel in hul eie taal te bestudeer met eensgesinde vroue, leer vroue meer oor God se Woord en word hulle daarmee toegerus.

Ons glo dat wanneer vroue God se Woord lees, dit toepas op hul lewens en God se onveranderende liefde vir hulle met ope arms aanneem, is die wêreld 'n beter plek. Ons weet dat een vrou wat God se Woord lees, 'n verandering kan bring in haar familie, haar gemeenskap en haar land… een vrou op 'n slag.

## SLUIT BY ONS AAN

Ons wil graag hê dat jy by ons aansluit in ons missie om alle vroue oor die wêreld die geleentheid te bied om toegang te hê tot God se Woord en kwaliteit Bybelstudiehulpbronne! Stuur gerus vir ons 'n e-pos of besoek ons aanlyn indien jy enige vrae het of meer inligting benodig. Ons hoor graag van jou!

INFO@LOVEGODGREATLY.COM
LOVEGODGREATLY.COM

# SOAP

*Bybelstudiemetode*

By Love God Greatly, glo ons dat God se Woord lewend en aktief is. Die woorde van die Skrif is kragtig en effektief en toepaslik vir lewe in alle tye en alle kulture. Om die Bybel korrek te interpreteer moet ons ‘n begrip hê van die konteks en die kultuur van die oorspronklike geskrifte.

Ons gebruik die SOAP Bybelstudie metode wanneer ons die Bybel bestudeer. Dit staan vir Scripture, Observation, Application, and Prayer (Skrifgedeelte, Waarneming, Toepassing en Gebed). Dit is een ding om eenvoudig die Skrif te lees. Wanneer jy interaksie het met die Woord, doelbewus jou tyd neem om werklik daaroor na te dink, begin waarhede vir jou uitstaan. Die SOAP metode maak dit vir jou moontlik om dieper in die Bybel te delf en meer te sien as wanneer jy net die verse lees. Dit help ons om nie net te hoor wat die Woord sê nie, maar om te doen wat die Woord sê (Jak. 1:22).


*OM DIE BYBEL TE LEES IS NIE ‘N VERSPILLING VAN TYD NIE. GOD SE WOORD IS LEWEND, KRAGTIG EN EFFEKTIEF, EN HY SPREEK TOT ONS DAARDEUR.*

In hierdie studiegids lees ons ‘n Skrifgedeelte en pas dan die SOAP metode toe op spesifieke verse. Hierdie metode help ons om ‘n beter begrip van die Bybel te kry, wat ons dan toelaat om dit effektief in ons lewens toe te pas.

Die mees belangrike bestanddele van die SOAP metode is jou interaksie met God se Woord en jou toepassing daarvan in jou lewe. Neem jou tyd om dit nougeset te bestudeer, en om die waarheid van God se karakter en sy hart vir die wêreld te ontdek.

# SOAP

*Bybelstudiemetode*



SOAP

WEEK 1 • MAANDAG

**SOAP** / *Openbaring 12:10, 2 Tessalonisense 3:3*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

Openbaring 12:10
Toe het ek 'n stem in die hemel gehoor wat hard uitgeroep het: "Nou het ons God die redding gebring, nou is sy mag en koninskap hier, en die gesag van die Gesalfde! Die aanklaer van ons medegelowiges is uit die hemel uit gegooi, hy wat hulle dag en nag voor ons God aangekla het."

2 Tessalonisense 3:3
Die Here is getrou; Hy sal Julle versterk en Julle van die Bose bewaar.

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

Harde stem, kragtig
Ons word daagliks aangekla - konstante stryd
Die Here sal my help, versterk en bewaar.
Hy is altyd daar.
Hy is konstant, 'n beskermer in my lewe, bewaarder

32

S
STAAN VIR
SCRIPTURE
(SKRIFGEDEELTE)

*Skryf die SOAP vers neer.*

*Jy sal verbaas wees oor wat God aan jou sal openbaar wanneer jy rustig tyd neem om dít wat jy lees, neer te skryf!*

O
STAAN VIR
OBSERVATION
(WAARNEMING)

*Wat sien jy in die verse wat jy lees?*

*Wie is die gehoor vir wie hierdie geskryf is? Is daar 'n herhaling van woorde?*


*Watter woorde staan vir jou uit?*

## A
## STAAN VIR APPLICATION (TOEPASSING)

*Dit is waar God se Woord persoonlik word.*

*Wat sê God vandag vir jou? Hoe kan jy dít wat jy nou net gelees het, toepas in jou eie lewe?*

*Watter veranderinge moet jy maak? Is daar iets wat jy moet doen?*



**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

Herinner myself dat God se krag sterker is as enige iets anders.
Memoriseer hierdie verse en sê dit hardop elke dag hierdie week.
Vra God om my geloof in Hom te versterk.
Vertrou God dat Hy my van die bose sal bewaar.
Bid vir my broers en susters in Christus.

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

Dierbare Here,
Dankie dat U konstant, getrou en liefdevol teenoor my is. Help my om daagliks en deur moeilike tye my vertroue en geloof in U te verdiep.
Help my om te weet dat U altyd by my is om my te beskerm.
Herinner my aan ander se lyding en help my om hulle in hul groei te bemoedig.
Ek vra dit alles in Jesus se naam.
Amen.

33

## P
## STAAN VIR PRAYER (GEBED)

*Bid God se Woord terug na Hom.*

*Spandeer tyd om Hom te dank.*

*Indien Hy iets aan jou geopenbaar het tydens hierdie tyd in sy Woord, bid daaroor.*

*Indien Hy sonde in jou lewe geopenbaar het, bely dit.*

*En onthou, Hy het jou innig lief.*

HOOGTEPUNTE VAN ONS
WÊRELDWYE BEDIENING

# GETUIENIS

*LGG Sjinese Tak Medeleier*

Ek het, soos baie ander van my generasie in Sjina, as die enigste kind van my ouers grootgeword. Op ‘n jong ouderdom het die protagoniste in Sjinese historiese fiksie my verbeelding aangegryp. Ek was aangetrokke tot hul sterk sin van reg en verkeerd, die heldhaftigheid wat vertoon word, en die opofferings wat hulle gemaak het vir dit waarin hulle geglo het. Hul oortuigings het my gefassineer. Ek het vir ure Boeddhistiese, Islamitiese en Christelike boeke sorgvuldig deurgelees, op soek na antwoorde, maar nie geweet hoe om die vrae te formuleer nie.

Ek was skaars 18 toe ek my universiteitskampus in die Verenigde State betree het. Geïnteresseerd in alles en almal, het ek vinnig “ja” gesê toe my kamermaat my gevra het om haar na haar Bybelstudie te vergesel.

*GEWONE MENSE HET HUL GELOOF OUTENTIEK UITGELEEF…*

Kan jy glo, die antwoord waarna ek gesoek het, het my gevind. Ek het nie by my eerste Bybelstudie tot bekering gekom nie, maar dit was die kampusdiensleiers se daaglikse demonstrasie van Christelike lewe wat God gebruik het om my te verander. Dit is nie fiksie nie, dit is nie eens heldhaftig nie, dit is bloot ‘n lewenswyse. Gewone mense het hul geloof outentiek uitgeleef, en dit was fassinerend. God was my genadig en het my na die antwoorde geneem waarna ek gesoek het.

Gedurende my universiteitsjare is ek geseën met ‘n goeie kerkfamilie, en ek is later voorgestel aan die LGG Sjinese Tak. Ons sien nie gereeld hoe God ons vertaalwerk gebruik nie, en ons bevraagteken van tyd tot tyd of God dit enigsins gebruik. Tog tydens daardie laagtepunte word ons deur sy liefde en beloftes bemoedig en aangemoedig om te volhard en om nog ‘n studie te vertaal. Ons weet dat God ons werk gebruik, want ons is die eerstes wat daarby baat vind.

Nadat ons die soetheid van sy Woord geproe het, is ons, net soos die kampusbedieningsleiers wat die Bybel saam met my gelees het, gretig om God se Woord te deel met enigiemand wat belangstel. Dit is nie óns werk wat verandering teweeg sal bring nie, maar God deur sy Woord. Lof kom aan God toe.

Vivian

*Sjinese Tak Medeleier*

HOOGTEPUNTE VAN ONS WÊRELDWYE BEDIENING

# WÊRELDWYE BEDIENING

*LGG Sjinese Tak Medeleier*

KEN JY IEMAND WAT BY ONS LOVE GOD GREATLY BYBELSTUDIES IN SJINEES SOU KON BAAT VIND?

Indien wel, vertel hulle gerus van al die wonderlike Bybelstudiehulpbronne wat ons verskaf om hulle met God se Woord te help toerus!

---

OM MET HIERDIE TAK IN AANRAKING TE KOM:

Instagram: @lovegodgreatlychinese

Facebook: lovegodgreatlychinese

Email: lovegodgreatlychinese@gmail.com

Website: lovegodgreatly.com/chinese

---

HOE KAN JY VIR HIERDIE TAK BID?

Bid dat die invloed van kommunisme heeltemal sal afneem.

Bid vir die uitwissing van Christelike opposisie.

Bid dat gelowiges versterk en beskerm sal word te midde van vervolging.

---

SAL JY GRAAG WIL HELP?

info@lovegodgreatly.com

## KEN HIERDIE WAARHEDE

### *GOD HET JOU LIEF*

God se Woord sê, “God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê” (Joh. 3:16).

### *ONS SONDE SKEI ONS VAN GOD*

Ons is almal van nature en deur keuses sondaars, en as gevolg van dit is ons geskei van God, wat heilig is. God se Woord sê, “Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie” (Rom. 3:23).

### *JESUS HET GESTERF SODAT JY LEWE KAN HÊ*

Die gevolg van sonde is die dood, maar God se gratis geskenk van verlossing is aan ons beskikbaar. Jesus het die straf vir ons sonde gedra toe Hy aan die kruis gesterf het.

God se Woord sê, “Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus” (Rom. 6:23); “Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was” (Rom. 5:8).

### *JESUS LEEF!*

Die dood kon Hom nie vashou nie, en drie dae nadat Sy liggaam in die graf geplaas is, het Hy opgestaan, en sonde en die dood vir ewig oorwin! Hy leef vandag in die hemel en is besig om ‘n plek in die ewigheid voor te berei vir almal wat in Hom glo.

Jesus sê, “In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is” (Joh. 14:2-3).

*WEET DAT JY VERGEWE KAN WORD*

Om Jesus as jou Verlosser te aanvaar gaan nie oor wat jy kan doen nie, maar eerder om geloof te hê in wat Jesus alreeds gedoen het. Dit verg dat jy herken dat jy ‘n sondaar is, dat jy glo dat Jesus vir jou sondes gesterf het, en dat jy vergifnis vra, deur jou volle vertroue te plaas in Jesus se werk aan die kruis om jou onthalwe.

God se Woord sê, “As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en word ons vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered” (Rom. 10:9-10).

*NEEM JESUS SE GRATIS GESKENK VAN VERLOSSING AAN*

Hoe lyk dit prakties? Met ‘n opregte hart kan jy ‘n eenvoudige gebed soos hierdie bid:

Jesus,
Ek weet dat ek ‘n sondaar is. Ek wil nie nog ‘n dag leef sonder om u liefde en vergifnis met ope arms aan te neem nie. Ek vra vir u vergifnis. Ek glo dat U vir my sondes gesterf het en uit die dood opgestaan het. Ek gee alles wat ek is oor, en vra U om die Here van my lewe te wees. Help my om weg te draai van my sonde en U te volg. Leer my om te weet wat dit beteken om in vryheid te wandel soos ek onder u genade leef, en help my om te groei in u weë, soos ek daarna streef om U beter te ken.
Amen.

*SKAKEL IN EN GROEI*

As jy nou net hierdie gebed gebid het (of iets soortgelyks in jou eie woorde), sal ons graag met jou wil kontak maak.

Jy kan vir ons ‘n e-pos stuur by info@lovegodgreatly.com. Ons wil dit graag saam met jou vier, saam met jou bid en jou help om met ‘n plaaslike kerk in aanraking te kom. Ons is hier om jou aan te moedig soos jy jou nuwe lewe as ‘n kind van God begin.

# Kom Ons Begin

DIE GOD WAT HERSTEL

# Inleiding

Ons het almal al 'n seisoen van wag beleef. Of ons nou tans in een is en of ons een in die verlede ervaar het, ons weet daar sal meer seisoene van wag wees in die toekoms. Teryl ons wag en dienge op hierdie aarde verwag, weet ons ook dat ons op iets meer wag. Ons wag uiteindelik op Jesus Christus, ons Verlosser en ewige Koning, dat Hy sal terugkeer en sy volk ten volle herstel en sy koninkryk op aarde vestig.

Advent is 'n seisoen van onthou en wag. Ons wag op Christus se wederkoms, en ons onthou die beloftes wat Hy reeds vervul het. God het beloof om 'n Messias te stuur om die wêreld van sonde en dood te red. Jesus Christus, die Seun van God, het 'n volmaakte lewe gelei, 'n offerdood gesterf en is weer opgewek. Met sy eerste koms het Hy die wêreld van sonde verlos. Wanneer Hy terugkeer, sal Hy sy volk volkome herstel en sy koninkryk op aarde vestig.

Advent is 'n seisoen waarin ons die gebrokenheid wat ons elke dag in die wêreld ervaar in die gesig staar. Ons neem tyd om te onthou en te erken hoe die wêreld is, nie hoe dit behoort te wees nie, en ons sien uit met verwagting dat Christus die vrede kom herstel. In sy eerste koms het Jesus ons verhouding met God, wat deur sonde verbreek is, herstel; wanneer Hy terugkeer, sal Hy die wêreld vir eens en vir altyd van pyn en lyding bevry.

Advent is 'n seisoen waarin ons vreugde uitstraal. Ons kan vreugde vind terwyl ons wag en onthou, want ons weet vir wie ons wag. Ons wag vreugdevol op die wederkoms van Christus, en glo dat die herstel en verlossing wat Hy bring volkome sal wees. Terwyl ons God loof vir die eerste koms van Christus en vir sy reddingswerk, vind ons vreugde. Terwyl ons op sy wederkoms wag, ontdek ons vreugde in die wete ons grootste verlange uiteindelik in Hom vervul sal word.

Advent is 'n seisoen waarin ons reflekteer en nadink. Terwyl Maria die geboorte van Johannes die Doper en haar swangerskap met Jesus beleef het, was sy nederig en het sy nagedink oor alles wat besig was om te gebeur. Sy het voorberei vir die koms van Christus, van die Messias, in stille gereedheid. Sy eerste koms het as baba begin en gelei tot opoffering en dood. Sy wederkoms sal begin met 'n trompetgeskal en sal nooit eindig nie!

*TYDENS ADVENT WAG ONS. ONS BEREI VOOR; ONS ONTHOU. ONS ERKEN ONS GEBROKENHEID EN GEE UITDRUKKING AAN ONS VREUGDE.*

Ons berei ons harte voor om die geboorte van Christus gedurende die seisoen van Advent te vier. Mag ons besin en God loof vir die ongelooflike gawe van sy Seun, terwyl ons veg teen die eise en druk van die wêreld. Kersfees is die viering van sy geboorte en sy lewe, dood en opstanding. Tydens Advent wag ons. Ons berei voor; ons onthou. Ons erken ons gebrokenheid en gee uitdrukking aan ons vreugde. Kom ons bestudeer God se Woord saam terwyl ons wag, nie net vir Kersfees nie, maar vir sy wederkoms!

## LEESPLAN

Merk dit af

**WEEK 1—KOM, HERE JESUS!**

- ○ *Maandag—In Afwagting op Verlossing*
  Lees: Jesaja 2:1–5
  SOAP: Jesaja 2:5
- ○ *Dinsdag—Soek die Vrede van God*
  Lees: Psalm 122
  SOAP: Psalm 122:8–9
- ○ *Woensdag—Die Komende Koning*
  Lees: Jesaja 11—12
  SOAP: Jesaja 11:10
- ○ *Donderdag—Alles Nuut*
  Lees: Openbaring 21—22
  SOAP: Openbaring 22:13
- ○ *Vrydag—Die Koms van die Seun van die Mens*
  Lees: Lukas 21:25–36
  SOAP: Lukas 21:27–28

**WEEK 2—HOE LANK, O HERE?**

- ○ *Maandag—Roep om Hulp*
  Lees: Habakuk 1:1–4
  SOAP: Habakuk 1:2–4
- ○ *Dinsdag—Vertrou op Sy Getrouheid*
  Lees: Psalm 13
  SOAP: Psalm 13:6
- ○ *Woensdag—God Beskerm Sy Volk*
  Lees: Psalm 94
  SOAP: Psalm 94:14–15
- ○ *Donderdag—Die Here Kom Weer*
  Lees: Jesaja 40:1–11
  SOAP: Jesaja 40:10–11
- ○ *Vrydag—Die Heerlikheid wat Kom*
  Lees: Romeine 8:18–25
  SOAP: Romeine 8:24–25

**WEEK 3—JY SAL VREUGDE HÊ!**

- ○ *Maandag—God Herstel*
  Lees: Psalm 126
  SOAP: Psalm 126:4–6
- ○ *Dinsdag—Juig!*
  Lees: Sefanja 3:14–20
  SOAP: Sefanja 3:17
- ○ *Woensdag—Die Aankondiging van Johannes se Geboorte*
  Lees: Lukas 1:5–25
  SOAP: Lukas 1:13–17
- ○ *Donderdag—Sagaria se Lofsang*
  Lees: Lukas 1:57–80
  SOAP: Lukas 1:76–79
- ○ *Vrydag—Hy is Betroubaar*
  Lees: Jesaja 35
  SOAP: Jesaja 35:9–10

**WEEK 4—GESEËND IS SY WAT GLO**

- ○ *Maandag—Die Koning Sal Kom*
  Lees: Miga 5:1-3
  SOAP: Miga 5:3
- ○ *Dinsdag—Prys die Here!*
  Lees: 1 Samuel 2:1–10; Psalm 113
  SOAP: Psalm 113:1–2
- ○ *Woensdag—Die Aankondiging van Jesus se Geboorte*
  Lees: Lukas 1:26–45
  SOAP: Lukas 1:30–33
- ○ *Donderdag—Bewys Ons Guns*
  Lees: Psalm 123
  SOAP: Psalm 123:1–4
- ○ *Vrydag—Verhef die Here!*
  Lees: Lukas 1:46–55
  SOAP: Lukas 1:46–50

## JOU DOELWITTE

*Skryf drie doelwitte neer waarop jy graag wil fokus elke dag wanneer jy God se Woord bestudeer. Maak seker dat jy gedurende die volgende paar weke terugverwys na hierdie doelwitte om jou te help om gefokus te bly. Jy kan dit doen!*

*EEN*

……………………………………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………………………………..

*TWEE*

……………………………………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………………………………..

*DRIE*

……………………………………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………………………………..

*Kom, volk van Jakob, laat ons lewe in die lig wat van die Here af kom.*

*Jesaja 2:5*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

................................................................................................................................................................

................................................................................................................................................................

................................................................................................................................................................

................................................................................................................................................................

................................................................................................................................................................

................................................................................................................................................................

................................................................................................................................................................

................................................................................................................................................................

................................................................................................................................................................

................................................................................................................................................................

................................................................................................................................................................

................................................................................................................................................................

................................................................................................................................................................

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Ons leef tussen twee Advents: die eerste koms van Christus as 'n dienaar en die wederkoms van Christus as Koning. Ons weet daar is meer om te kom, net soos die Jode geweet het hulle wag vir 'n Messias. Soos die Kersseisoen hierdie week begin, wy jouself daaraan toe om minder te doen: woon minder partytjies by, koop minder geskenke, maak minder verpligtiginge of hang minder versierings op. Verbind jou daartoe om in hierdie seisoen meer by die Here teenwoordig te wees en maak jou hart oop vir wat Hy vir jou het.*

................................................................................................................................................................

................................................................................................................................................................

................................................................................................................................................................

................................................................................................................................................................

................................................................................................................................................................

................................................................................................................................................................

................................................................................................................................................................

## LEES

*Week 1 • Maandag*

*Jesaja 2:1-5*

1 Die openbaring wat Jesaja seun van Amos ontvang het oor Juda en Jerusalem.
2 Daar kom ’n tyd dat die berg waarop die huis van die Here is, ’n blywende
plek sal hê bokant die bergtoppe en sal uitstaan bo die heuwels. Al die nasies sal
daarheen stroom, 3 baie volke sal daarna gaan en sê: “Kom, laat ons optrek na
die berg van die Here toe, na die huis van die God van Jakob sodat Hy ons sy
wil kan leer, en ons daarvolgens kan lewe, want uit Sion kom die openbaring, uit
Jerusalem die woord van die Here.” 4 Hy sal oordeel tussen die nasies, regspreek
oor baie volke. Hulle sal van hulle swaarde ploegskare smee en van hulle spiese
snoeiskêre. Die een nasie sal nie meer die swaard teen die ander opneem nie, en
hulle sal nie meer leer om oorlog te maak nie. 5 Kom, volk van Jakob, laat ons
lewe in die lig wat van die Here af kom.

## SOAP

*Week 1 • Maandag*

SOAP / *Jesaja 2:5*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Maandag*

**SOAP:**

*Jesaja 2:5*

*Kom, volk van Jakob, laat ons lewe in die lig wat van die Here af kom.*

**OORDENKING**

Die doel van Jesaja se profesieë was om die mense van Juda te waarsku oor die behoefte om hulle te bekeer en terug te draai na die Here, asook om hulle te herinner aan die hoop wat hulle in die komende Messias het. Al het hulle in 'n tyd van oorlog, chaos, vernietiging en vrees gelewe (meestal die gevolg van hulle eie sonde), sou hulle God hulle nie in die steek laat nie. Hy sou 'n Verlosser stuur, die Messias, wat hulle sou red en herstel bring.

Al was daar oordeel aan die kom, het God hulle 'n kykie gegee in die toekomstige heerlikheid van Jerusalem. Die volk van God sou na sy woonplek getrek word; hulle sou na die Here se tempel gaan en Hom volg. Hulle het teen God gesondig en sy toorn sou oor hulle kom, maar Hy sou hulle ten volle herstel op sy volmaakte tyd.

Dit is die karakter van ons God. Maak nie saak wat ons gedoen het of hoe ons (persoonlik en liggaamlik) teen Hom gedraai het nie, Hy is die God wat herstel. Hy het sy Seun gestuur as die Verlosser van ons siele. Hy is ons hoop, die belofte van herstel. Wanneer ons in sy leidende lig wandel, sien ons die toekoms hoop wat ons in Hom het.

Die mense van Juda het uitgesien na die eerste Advent, die koms van die Messias. Vandag leef ons tussen die eerste en tweede Advent. Christus het gekom, en Hy kom weer! Alhoewel ons in 'n gebroke wêreld leef, is daar 'n beter een aan die kom. Ons God belowe om dit wat verlore is, te herstel, te verlos en terug te eis.

Terwyl ons hierdie seisoen van Advent binnetree, mag ons ons harte na Hom draai en nadink oor sy karakter. Alhoewel ons wêreld deur sonde en dood verwoes is, sal niks Hom daarvan weerhou om sy beloftes na te kom nie. Ons wag steeds op die vervulling van hierdie profesie in Jesaja 2. Mag ons, terwyl ons dit doen, voortgaan om in die Here se leidende lig te wandel, wat ons lei tot geloof en 'n oorvloedige lewe in Hom.

## LEES

*Week 1 • Dinsdag*

*Psalm 122*

1 ’n Pelgrimslied. Van Dawid. Ek was bly toe hulle vir my gesê het: “Kom ons
gaan na die huis van die Here toe.” 2 En nou is ons hier binne-in jou, Jerusalem!
3 Jerusalem is die stad wat stewig gebou is, 4 waarheen die stamme kom die
stamme van die Here. Dit is ’n voorskrif vir Israel om die Naam van die Here
hier te loof, 5 Hier word reg gespreek, hier lewer die koning sy uitsprake, die
koning uit die geslag van Dawid. 6 Bid dat Jerusalem vrede mag hê, dat hulle
wat hom liefhet, rustig mag woon. 7 Mag daar vrede wees binne jou mure, rus in
jou wonings. 8 Ter wille van my broers en my vriende wens ek jou vrede toe. 9
Ter wille van die huis van die Here ons God bid ek dat dit met jou goed sal gaan.

## SOAP

*Week 1 • Dinsdag*

SOAP / *Psalm 122:8–9*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Dinsdag*

**SOAP:**

*Psalm 122:8–9*

*Ter wille van my broers en my vriende wens ek jou vrede toe. Ter wille van die huis van die Here ons God bid ek dat dit met jou goed sal gaan.*

**OORDENKING**

Een keer 'n jaar sou die volk Israel na Jerusalem reis om offers te bring en God te aanbid. Terwyl hulle dit gedoen het sou hulle, waarna ons verwys as die Pelgrimsliedere (Psalm 120—134) voorlees en sing. Hierdie liedere het die volk herinner aan die goedheid van God, die prag van sy tempel en die vrede wat hulle in Hom gehad het.

Psalm 122 is 'n oproep tot aanbidding. Die volk het dit saam gesing terwyl hulle opgegaan het (letterlik op, aangesien Jerusalem bo-op 'n berg is) na die tempel. Hulle het mekaar herinner aan waarheen hulle op pad is en hoekom hulle daarheen gaan. Hulle het gebid vir vrede in Jerusalem, vir die voorspoed van die volk van God, en vir vrede vir God se volk, ten spyte van die feit dat hulle oor die streek heen verstrooi was.

Terwyl ons vandag hierdie woorde lees, kan ons die verband sien met Jesaja se woorde wat die volk vertel van die komende heerlikheid van Jerusalem, wanneer alle volke God saam op sy berg sal aanbid. Ons leef in die tussen-in, die wag, die belofte wat nog nie gerealiseer het nie.

Advent is 'n seisoen van wag. Ons weet die Christus-kind het gekom, die Messias het reeds sonde en dood oorwin, maar ons wag op sy wederkoms, sy tweede koms, wanneer alles herstel en nuut gemaak sal word, en wanneer al God se kinders uiteindelik by sy tempel sal vergader en Hom aanbid.

Terwyl ons wag, kan ons bid soos die volk gedoen het toe hulle na die tempel gereis het. Hierdie psalm herinner ons om te bid vir die verskillende gemeenskappe van God se mense vandag. Ons hef mekaar op en bid vir voorspoed, vrede en sekuriteit. Ons kan in sy vrede rus, maak nie saak wat ons in die gesig staar nie, maak nie saak wat rondom ons gebeur nie, want Hy sal sy belofte nakom. Hy sal alles wat verlore gegaan het kom loskoop en herstel. Mag ons vrede hê terwyl ons op Hom wag.

## LEES

*Week 1 • Woensdag*

*Jesaja 11*

1 ’n Takkie sal uitspruit uit die stomp van Isai, ’n loot uit sy wortels sal vrugte dra. 2 Die Gees van die Here sal op hom rus: die Gees wat wysheid en insig gee, die Gees wat raad en sterkte gee, die Gees wat kennis verleen en eerbied vir die Here. 3 Die takke sal vreugde vind in die diens van die Here. Hy sal nie regspreek volgens uiterlike skyn nie en nie oordeel volgens hoorsê nie. 4 Hy sal die armes billik verhoor en die ootmoediges in die land regverdig oordeel. Hy sal die goddeloses in die land hard oordeel, met sy uitsprake sal hy hulle om die lewe bring. 5 Hy sal regverdig en betroubaar regeer. 6 Wolwe en skape sal dan saam bly, luiperds sal tussen bokkies lê, kalwers, leeus en voerbeeste sal bymekaar wees en klein seuntjies sal vir almal sorg. 7 Koeie en bere sal saam wei, hulle kleintjies sal bymekaar lê, leeus sal gras eet soos beeste. 8 Babatjies sal by die gate van adders speel, klein kindertjies sal hulle hande uitsteek na giftige slange. 9 Op my heilige berg sal niemand kwaad aanrig of iets verniel nie, want die aarde sal so vol wees van die kennis van die Here soos die see vol water is. 10 In dié tyd sal iemand uit die geslag van Isai ’n vaandel wees vir die volke. Die nasies sal na hom vra, en sy woonplek sal hoë aansien geniet. 11 In dié tyd sal die Here ’n tweede keer sy hand uitsteek om die oorblyfsel van sy volk los te koop, almal wat oorgebly het in Assirië, Egipte, Patros, Kus, Elam, Sinar, Hamat en die kuslande rondom die Middellandse See. 12 Die Here sal ’n vaandel oprig onder die nasies en sal die ballinge van Israel bymekaarmaak, die verstrooides van Juda laat ssamkom van die uithoeke van die aarde af. 13 Efraim se naywer sal verdwyn, en Juda se teëstanders sal uitgeroei word. Efraim sal nie weer jaloers wees op Juda nie, en Juda sal nie weer vyandig wees teenoor Efraim nie. 14 Saam sal hulle in die weste die Filistyne aanval en saam sal hulle die mense in die ooste plunder. Hulle sal die Edomiete en die Moabiete verslaan, en die Ammoniete sal aan hulle onderdanig wees. 15 Die Here sal die Nyldelta laat opdroog. Hy sal ’n skroeiende wind teen die Eufraat stuur en net sewe kanale daarvan laat oorbly wat ’n mens met jou skoene aan kan deurloop. 16 Daar sal vir die oorblyfsel van sy volk wat in Assirië is, ’n grootpad wees soos daar was toe Israel uit Egipte getrek het.

*Jesaja 12*

1 Op daardie dag sal jy sê: “Ek loof U, Here! U was kwaad vir my, maar U is nou nie meer kwaad nie en U het vir my uitkoms gegee. 2 God is my redder; Ek vertrou op Hom, ek is nie meer bang nie. Die Here my God is my krag en my beskerming; Hy is my redder.” 3 Met blydskap sal julle water skep uit die fonteine van redding. 4 Op dié dag sal julle uitroep: “Loof die Here, roep sy Naam aan, maak sy dade onder die volke bekend en verkondig dat sy Naam groot is. 5 Sing tot die eer van die Here, want Hy het groot dinge gedoen, maak dit aan die hele wêreld bekend. 6 Jubel en juig, inwoners van Sion, want groot is die Heilige van Israel en Hy is by julle!”

## SOAP

*Week 1 • Woensdag*

**SOAP** / *Jesaja 11:10*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Woensdag*

**SOAP:**

*Jesaja 11:10*

*In dié tyd sal iemand uit die geslag van Isai 'n vaandel wees vir die volke. Die nasies sal na hom vra, en sy woonplek sal hoë aansien geniet.*

**OORDENKING**

Die wêreld stuur dikwels vir ons teenstrydige boodskappe, veral gedurende die Kersseisoen. Soms hoor ons: "Jy het hierdie nuwe ding nodig om gelukkig te wees." Ander kere vertel die wêreld vir ons dat al wat ons nodig het liefde, 'n plekkie waar ons behoort en 'n bietjie "magic" is. Ons hoor boodskappe oor om dankbaar te wees en om die goeie om ons raak te sien, ons moet nie op die gebrokenheid fokus nie, maar eerder op die positiewe.

Ons het inderdaad baie om voor dankbaar te wees. Hoewel God ons beveel om dankbaar te wees, eis Hy nie dat ons pyn en hartseer moet ignoreer nie. Die Skrif is vol herinneringe aan ons gebrokenheid en ons desperate behoefte aan 'n Verlosser. In die lig hiervan behoort Jesaja se woorde vir ons vertroosting en vrede te bied.

Gebrokenheid en wanhoop kan oral om ons bestaan, maar ons Koning kom. Hy word nie teruggehou deur regerings, volke, magte of duisternis nie. Hy is 'n almagtige Koning wat voor die nasies staan en in vrede regeer. Hy sal 'n regverdige heerser wees, Hy sal ons 'n nuwe natuur gee, en die hele aarde sal sy tuiste wees. Ons wag desperaat op sy koms.

Ons Verlosser, ons Koning, het voorheen gekom. Hy het na die aarde gekom as 'n baba, Homself verneder en Homself aan menslike gestalte onderwerp, aan 'n kruis gesterf as 'n offer vir die sondes van die wêreld. Jesus het nie gekom as 'n koning nie, maar as 'n dienskneg, en Hy belowe om weer te kom. Op daardie tydstip sal Hy kom as die heersende Koning. Hy sal die gebrokenheid van die wêreld herstel, wat verlore was herstel en ons in elke opsig genees.

Kom ons onthou hierdie Kersseisoen wat waar is, terwyl ons teen die leuens van die wêreld veg. Ons val nie vir die misleiding dat die wêreld vir ons kan gee wat ons nodig het nie – ons smag na wat kom. Ons verlang na die terugkeer van ons Koning, die Heilige van Israel. Hy sal geregtigheid, vrede en vreugde vestig. Ons kan ons verheug oor sy koms selfs terwyl ons 'n groot verwagting het.

## LEES

*Week 1 • Donderdag*

*Openbaring 21*

1 Toe het ek 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien. Die eerste hemel en die
eerste aarde het verdwyn, en die see het nie meer bestaan nie. 2 En ek het die
heilige stad, die nuwe Jerusalem, van God af uit die hemel uit sien afkom. Die
stad was gereed soos 'n bruid wat vir haar man versier is. 3 Toe het ek 'n harde
stem van die troon af hoor sê: "Kyk, die woonplek van God is nou by die mense.
Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle
God. 4 Hy sal al die trane van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees
nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër
het verbygegaan." 5 Toe sê Hy wat op die troon sit: "Kyk, Ek maak alles nuut."
En daarna sê Hy: "Skryf hierdie woorde op, want hulle is betroubaar en waar."
6 Verder sê Hy vir my: "Dit het klaar gebeur. Ek is die Alfa en die Omega, die
Begin en die Einde. Aan elkeen wat dors het, sal Ek te drinke gee uit die fontein
met die water van die lewe, verniet. 7 Elkeen wat die oorwinning behaal, sal dit
alles kry, en Ek sal sy God wees, en hy sal my seun wees. 8 "Maar dié wat bang
en ontrou geword het, die losbandiges, moordenaars en onsedelikes, bedrieërs
en afgodsdienaars en al die leunaars, hulle lot is die poel wat met vuur en swael
brand, dit is die tweede dood." 9 Toe het een van die sewe engele wat die sewe
bakke het waarin die sewe laaste plae was, gekom en met my gepraat. "Kom,"
hy het gesê, "ek sal jou die bruid wys, die vrou van die Lam." 10 Ek is toe deur
die Gees meegevoer en die engel het my na 'n groot hoë berg toe geneem en die
heilige stad Jerusalem vir my gewys, wat van God af uit die hemel uit afkom.
11 Die stad het die heerlikheid van God: sy glans is soos dié van die kosbaarste
edelsteen, soos 'n kristalhelder opaal. 12 Die stad het 'n groot hoë muur met
twaalf poorte. By die poorte is daar twaalf engele, en op die poorte is daar name
geskrywe, dié van die twaalf stamme van die volk Israel. 13 Aan die oostekant
is daar drie poorte, aan die noordekant drie, aan die suidekant drie en aan die
westekant drie. 14 Die stad se muur het twaalf fondamente, en daarop is daar
ook twaalf name, dié van die twaalf apostels van die Lam. 15 Die engel wat
met my gepraat het, het 'n goue meetstok gehad om daarmee die stad self, sy
poorte en sy muur te meet. 16 Die stad is vierkantig, net so lank as wat hy
breed is. Hy het die stad toe met die meetstok gemeet. Die lengte, die breedte
en die hoogte daarvan is dieselfde, twaalf duisend kilometer. 17 Hy het ook die
muur om die stad gemeet. Dit is honderd vier en veertig meter hoog. Die engel
het die mate van mense gebruik. 18 Die muur is met opaal gebou en die stad

## LEES

*Week 1 • Donderdag*

self met suiwer goud wat soos 'n skoon spieël lyk. 19 Die fondamente van die stadsmuur is met allerhande edelstene versier: die eerste fondament met opaal, die tweede met saffier, die derde met agaat, die vierde met smarag, 20 die vyfde met sardoniks, die sesde met karneool, die sewende met christoliet, die agste met beril, die negende met topaas, die tiende met chrisopraas, die elfde met hiasint en die twaalfde met ametis. 21 Die twaalf poorte is twaalf pêrels. Elkeen van die poorte is uit een pêrel gemaak. Die strate van die stad is van suiwer goud, blink soos 'n spieël. 22 'n Tempel het ek nie in die stad gesien nie, want sy tempel is die Here God, die Almagtige, en die Lam. 23 Die stad het nie die son en die maan nodig om hom te verlig nie, want die heerlikheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp. 24 Die nasies sal in die stad se lig lewe, en die konings van die aarde verleen luister daaraan. 25 Die poorte daavan word gedurende die hele dag nooit toegesluit nie: daar sal nie meer nag wees nie. 26 Die mense sal die luister en die rykdom van die nasies daarheen bring. 27 Niks onreins en niemand wat iets losbandigs en vals doen, sal ooit daarin kom nie, maar net dié wie se name in die boek van die lewe, die boek van die Lam geskrywe staan.

*Openbaring 22*

1 Toe het die engel my die rivier met die water van die lewe gewys. Dit is helder soos kristal en dit stroom uit die troon van God en van die Lam uit. 2 Tussen die hoofstraat van die stad aan die een kant en die rivier aan die ander kant staan die boom van die lewe. Hy dra twaalf keer per jaar vrugte: elke maand lewer hy sy vrugte. Die blare van die boom bring genesing vir die nasies. 3 Daar sal niks meer wees wat deur God vervloek is nie. Die troon van God en die Lam sal in die stad wees, en sy dienaars sal Hom dien. 4 Hulle sal Hom sien, en sy Naam sal op hulle voorkoppe wees. 5 Daar sal nie meer nag wees nie. Die mense het nie lig van 'n lamp en die lig van die son nodig nie, omdat die Here God hulle sal verlig, en hulle sal tot in alle ewigheid regeer. 6 Toe sê die engel vir my: "Hierdie woorde is betroubaar en waar. Die Here God, wat sy Gees aan die profete gee, het sy engel gestuur om vir sy dienaars te wys wat binnekort moet gebeur." 7 Jesus sê toe: "Kyk, Ek kom gou! Geseënd is elkeen wat die woorde van hierdie profetiese boek ter harte neem." 8 Dit is ek, Johannes, wat dit alles gehoor en gesien het. Toe ek dit gehoor en gesien het, het ek voor die voete van die engel wat dit alles vir my gewys het, op my knieë neergeval om hom te aanbid. 9 "Pas op, moenie!" sê hy toe vir my. "Ek is 'n mededienaar van jou en van jou medegelowiges, die profete en dié wat

## LEES

*Week 1 • Donderdag*

die woorde van hierdie boek ter harte neem. Aanbid God!" 10 Verder sê hy vir
my: "Moenie die woorde van hierdie profetiese boek geheim hou nie, want die
eindtyd is naby. 11 Wie kwaad doen, moet voortgaan om kwaad te doen, en wie
vuil is, moet vuil bly; maar wie doen wat reg is, moet voortgaan om reg te doen,
en wie heilig is, moet heilig bly." 12 Jesus sê toe weer: "Kyk, Ek kom gou! Ek
bring die loon saam met My om elkeen te beloon vir wat hy gedoen het. 13 Ek
is die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde. 14
"Geseënd is dié wat hulle klere was, sodat hulle reg kan hê op die boom van die
lewe en deur die poorte in die stad kan ingaan. 15 Buitekant is die dwaalleraars,
die bedrieërs en die onsedelikes, die moordenaars en die afgodsdienaars en almal
wat valsheid liefhet en doen. 16 "Ek, Jesus, het my engel gestuur om dit alles
aan julle in die gemeentes te betuig. Ek is die Wortel, dit is, die Nakomeling
van Dawid. Ek is die helder Môrester." 17 Die Gees en die bruid sê: "Kom!" En
elkeen wat dit hoor, moet sê: "Kom!" En elkeen wat dors het, moet kom; elkeen
wat die water van die lewe wil hê, moet dit kom kry, verniet! 18 Ek betuig aan
almal wat die woorde van hierdie profetiese boek hoor: As iemand iets hieraan
byvoeg, sal God vir hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is; 19
en as iemand een van die woorde van hierdie profetiese boek wegneem, sal God
sy deel aan die boom van die lewe en aan die heilige stad wegneem waarvan in
hierdie boek geskrywe is. 20 Hy wat dit alles getuig, sê: "Ja, Ek kom gou!" Amen!
Kom, Here Jesus! 21 Die genade van die Here Jesus sal by almal wees

## SOAP

*Week 1 • Donderdag*

**SOAP /** *Openbaring 22:13*
**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Donderdag*

**SOAP:**

*Openbaring 22:13*

*Ek is die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde.*

**OORDENKING**

Die laaste hoofstukke van die Boek Openbaring openbaar die heerlikheid van die nuwe Jerusalem, die plek waar God by sy mense gaan woon wanneer Hy terugkom om op die aarde te heers. Terwyl ons hierdie week nadink oor die wederkoms van Christus en die beloftes wat in Hom vervul gaan word, is die verloste heilige stad op die voorgrond. Dwarsdeur die Skrif sien ons hoe God voortdurend beloftes aan sy mense maak dat hulle eendag saam met Hom gaan woon en dat hulle die herstel van die heerlikheid van Jerusalem gaan aanskou. Dit is daardie herstel.

Die prag van hierdie stad is nie afkomstig van die strate en mure van suiwer goud, die edelgesteentes in die fondament of die grootte van sy poorte nie. Die glans van die nuwe Jerusalem kom van die Lam af. Daar sal geen tempel in die nuwe Jerusalem wees nie want die Here God en die Lam sal daar woon. Daar gaan nie lig nodig wees nie omdat die heerlikheid van die Lam die lig sal wees.

Dit is waarna ons moet uitsien; dit is waarna ons smag! Die verlange wat ons in die lewe ervaar, en die verliese waarmee ons te doen kry, herinner ons daaraan dat hierdie nie ons tuiste is nie. Die Adventseisoen is wanneer ons tyd maak om weer ons harte te fokus. Terwyl ons nou dalk verlies, dood, hartseer, wanhoop, eensamheid, pyn en smart mag ervaar, onthou ons wat in die toekoms op ons wag: ‘n lewe in die nuwe Jerusalem saam met ons Here. Ons kan aan sy belofte van ‘n ewige lewe saam met Hom vashou.

Jesus is die enigste een op wie ons kan staatmaak. As die lewe moeilik is, as mense ons seermaak, as nasies verbrokkel, wankel ons hoop nie omdat dit in Hom geanker is. Hy is die eerste en die laaste. Hy is die begin en die einde. Hy sien alles, weet alles en is soewerein oor alles.

Die lewe op hierdie aarde is altyd moeilik. Wat egter spesiaal is omtrent hierdie seisoen, is hoe ons mekaar herinner aan wie binnekort terugkeer: Jesus Christus. Terwyl ons hierdie Adventseisoen binnegaan, laat ons die ware hoop wat ons het, onthou. Die wêreld is gebroke as gevolg van sonde, maar daar is verlossing—volkome, ewige verlossing—in ons Saligmaker Jesus Christus.

## LEES

*Week 1 • Vrydag*

*Lukas 21:25-36*

25 "Daar sal tekens wees aan son, maan en sterre. Op aarde sal daar radeloosheid
onder die volke wees uit angs vir die gebulder van die see en sy vloedgolwe.
26 Die mense sal beswyk van vrees en spanning oor die dinge wat oor die hele
wêreld aan die kom is, want die kragte van die hemelruim sal ontwrig word. 27
En dan sal hulle die Seun van die mens met groot krag en majesteit op 'n wolk
sien kom. 28 As hierdie dinge begin gebeur, staan dan regop en lig julle kop op,
want dan is julle verlossing naby." 29 Toe vertel Hy hulle die gelykenis: "Let op
die vyeboom en al die ander bome. 30 Sodra julle sien dat hulle begin uitloop,
weet julle vanself dat die somer al naby is. 31 Net so moet julle ook, wanneer
julle hierdie dinge sien gebeur, weet dat die koninkryk van God naby is. 32 Dit
verseker Ek julle: Nog in die leeftyd van hierdie geslag sal al hierdie dinge gebeur.
33 Die hemel en die aarde sal vergaan, maar my woorde nooit. 34 "Wees op
julle hoede dat julle gees nie deur onmatige etery en drinkery en deur die sorge
van die lewe afgestomp word nie en dat daardie dag julle nie onverhoeds soos 'n
vangnet oorval nie. 35 Daardie dag sal skielik op al die bewoners van die hele
aarde neerkom. 36 Maar wees waaksaam en bid altyddeur dat julle die krag kan
ontvang om deur al hierdie dinge wat gaan gebeur, behoue deur te kom en om
voor die Seun van die mens te verskyn."

## SOAP

*Week 1 • Vrydag*

SOAP / *Lukas 21:27–28*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION /** *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER /** *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Vrydag*

**SOAP:**

*Lukas 21:27–28*

*En dan sal hulle die Seun van die mens met groot krag en majesteit op 'n wolk sien kom. As hierdie dinge begin gebeur, staan dan regop en lig julle kop op, want dan is julle verlossing naby.*

**OORDENKING**

Voor sy dood het Jesus gepraat van sy wederkoms. Hy het sy volgelinge ingelig dat, al sou Hy hierdie aarde 'n ruk lank verlaat, Hy met krag en groot heerlikheid sou terugkeer. Hy het sommige van die tekens wat voor sy terugkeer sou gebeur, verduidelik en sy mense daarop attent gemaak sodat hulle sy koms te wagte kan wees.

Tydens Kerstyd fokus ons op die geboorte van Christus, wat sy eerste koms was. Hy het gekom en ons van sonde en dood verlos. Advent herinner ons egter, jaar na jaar, dat ons steeds in gebrokenheid leef en smag na sy wederkoms. Dit is hierdie verlange waaraan ons gedurende Advent dink terwyl ons uitsien na sy terugkeer.

Die dag van ons verlossing kom nader. Advent is die seisoen waartydens ons bewustelik wag terwyl ons ons lewens, ons harte en ons skedules na 'n laer rat oorskakel en ons herinstel en onthou waarop ons eintlik wag. Die wêreld sê ons moet partytjies bywoon, geskenke koop, al die vermaaklikhede van die seisoen meemaak, en al die onooglike truie dra. Wat Jesus vir ons sê, is om waaksaam te wees, tyd in te ruim vir gebed en gereed te wees!

Jesus het vir sy dissipels gesê dat hulle hul nie so deur die bekommernisse van die lewe moet laat onderkry dat sy wederkoms hulle onkant betrap nie. Ons moet eerder altyddeur ons oë en harte op Hom gerig hou en waaksaam en gereed bly vir sy wederkoms. Ons moet baie doelgerig leef, soos 'n lig in ons donker wêreld. Dit kan beteken om "nee" te sê vir 'n paar partytjies, aktiwiteite of geskenke. Dit kan beteken dat ons ons verwagtinge laat vaar en ons aan God se wil onderwerp. Dit kan beteken om vroeg op te staan en alleentyd saam met Jesus deur te bring en Hom ons verlangende harte met sy liefde en lewe te laat vul. Wat dit ook al mag wees, kan ons seker wees dat dit die moeite werd is. Mag ons met verwagting en getrou lewe, altyd voorbereid op sy terugkeer.

## OORDENKING

*Week 1*

1. *Alhoewel God belowe het om sy volk vir hulle sonde te oordeel, het Hy 'n blik gegee op die toekomstige heerlikheid van Jerusalem. Wat openbaar dit van sy karakter? Wat beteken dit vir ons, in ons seisoen van wag?*

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

2. *Hoe bid jy vandag vir vrede, voorspoed en veiligheid vir God se mense? Hoe bid jy vir jou plaaslike geloofsgemeenskap? Hoe bid jy vir die wêreldwye geloofsgemeenskap?*

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

3. *Watter dinge vier jou kultuur met Kersfees? Stem hierdie dinge ooreen met wat die Skrif leer?*

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

4. *Waarna smag jy in hierdie seisoen van die lewe? Hoe moedig Advent jou aan om jou hart te herfokus op God se beloftes?*

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

5. *Hoe kan jy vandag leef om vir Christus se wederkoms voor te berei? Hoe sal jy hierdie seisoen grense of riglyne stel om die besigheid en dringendheid van die wêreld te verruil vir die vrede van Christus?*

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

*Ons is immers gered,
en ons het nou hierdie
hoop. Wat 'n mens al
sien, hoop jy tog nie
meer nie. Wie hoop nog
op wat hy reeds sien?
Maar as ons hoop
op wat ons nie sien
nie, wag ons daarop
met volharding.*

*Romeine 8:24-25*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Hierdie week dink ons na oor die gebrokenheid van die wêreld en die hoop wat ons in Christus het. Advent is bedoel om ons te herinner aan hierdie gebrokenheid en die realiteit dat ons nog wag vir volkome verlossing en om heel gemaak te word in Christus. Terwyl jy deur jou week gaan, let op dinge in jou lewe wat stukkend is. Herinner jouself aan die waarheid van God se belofte dat Hy kom en alles sal verlos op sy perfekte tyd.*

## LEES

*Week 2 • Maandag*

*Habakuk 1:1-4*

1 ’n Uitspraak van die Here wat Hy aan die profeet Habakuk geopenbaar het.
2 Hoe lank moet ek om hulp roep voordat U hoor, Here, moet ek by U bly
kla oor geweld voordat U red? 3 Waarom laat U my die onreg sien wat gedoen
word, waarom kyk U toe as daar soveel ellende is? Oral rondom my is daar
onderdrukking en geweld, en word daar getwis en gebaklei. 4 Die wet het nie
meer krag nie, en daar geskied nie meer reg nie. Slegte mense het die oorhand oor
die goeies, en so word die reg verkrag.

## SOAP

*Week 2 • Maandag*

**SOAP /** *Habakuk 1:2–4*
**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Maandag*

### SOAP:

*Habakuk 1:2–4*

*Hoe lank moet ek om hulp roep voordat U hoor, Here, moet ek by U bly kla oor geweld voordat U red? Waarom laat U my die onreg sien wat gedoen word, waarom kyk U toe as daar soveel ellende is? Oral rondom my is daar onderdrukking en geweld, en word daar getwis en gebaklei. Die wet het nie meer krag nie, en daar geskied nie meer reg nie. Slegte mense het die oorhand oor die goeies, en so word die reg verkrag.*

### OORDENKING

Verlede week het ons gefokus op God se vrede en verlossing wat aan die kom is. Soos ons die tweede week van Advent binnegaan, verskuif ons fokus na die werklikheid van die gebrokenheid van die wêreld. ‘n Mens sou eerder die boosheid rondom ons wil ignoreer deur besig te bly of jou aandag te laat aflei. Tydens die Adventseisoen veral, voel ons dalk of ons altyd moet optree asof ons gelukkig, vervuld, blymoedig en vreugdevol is.

Wat so mooi is omtrent ons geloof in Christus, is dat ons gelyktydig in albei kan leef; ons kan die pyn en gebrokenheid rondom ons aanvaar en tog vol vreugde wees omdat ons weet wat is en wie aan die kom is. As ons die gebrokenheid van ons wêreld erken en aanvaar, is ons meer bereid om die erns van wat Christus vir ons gedoen het, te erken.

Habakuk was ‘n profeet in Israel. Hy het sy eerlike vrae aan God voorgelê want hy wou weet waarmee God besig was en waarom. Hy was oorweldig deur die boosheid om hom en wou hê God moes ingryp. Habakuk het tot God geroep om hulp en vir God gevra waarom daar soveel onreg en verwoesting rondom hom aan die gang was. Hy het geweet die enigste persoon na wie hy hom vir hulp kon wend, was die Here.

Advent kan vir baie van ons ‘n pynlike seisoen wees. Alhoewel ons dalk ons bes doen om vreugdevol voor te kom, kan dit ons ook herinner aan verlies, onvervulde verlange en pyn. Habakuk se woorde herinner ons dat, ongeag waarvoor ons te staan kom, ongeag wat ons dink die gepaste manier is om te reageer of op te tree, ons ons eerlike vrae na God toe kan bring. Hy ken ons gedagtes, twyfel en vrae; niks wat ons vir Hom sê sal Hom skok nie. God wil hê dat ons ons harte teenoor Hom moet oopmaak sodat Hy ons in ons pyn kan ontmoet.

Mag ons hierdie Adventseisoen onthou hoe diep ons gebrokenheid is, nie om by pyn of hartseer te bly vashaak nie, maar sodat ons kan dink aan ons Verlosser wat aan die kom is. Toe Christus aarde toe gekom het, het Hy ons van sonde en dood verlos. Wanneer Hy terugkeer, gaan Hy die wêreld van geweld, onreg, misdaad, verwoesting, konflik, onmin, goddeloosheid en verdorwenheid bevry. Hy sal in mag en geregtigheid regeer. Mag ons getrou op Hom wag.

## LEES

*Week 2 • Dinsdag*

*Psalm 13*

1 Vir die koorleier. 'n Psalm van Dawid. 2 Hoe lank gaan U my nog bly vergeet,
Here? Vir altyd? Hoe lank gaan U nog van my af weg kyk? 3 Hoe lank moet ek
nog my eie planne maak en my dae met kommer deurbring? Hoe lank sal die
vyand my nog oorheers? 4 Luister tog en antwoord my, Here my God! Gee my
tog nuwe lewenskrag. Ek wil nie sterwe nie, 5 anders sê my vyand hy het my
oorwin en juig my verdrukkers oor my ondergang. 6 Ek hou vas aan u troue
liefde, oor die uitkoms wat U gee, juig my hart. Ek wil sing tot eer van die Here,
omdat Hy aan my goed gedoen het.

## SOAP

*Week 2 • Dinsdag*

SOAP / *Psalm 13:6*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Dinsdag*

**SOAP:**

*Psalm 13:6*

*Ek hou vas aan u troue liefde, oor die uitkoms wat U gee, juig my hart.*
*Ek wil sing tot eer van die Here, omdat Hy aan my goed gedoen het.*

**OORDENKING**

Dawid, die skrywer van Psalm 13, het sy pyn gedeel. Soos Habakuk het hy nie weggeskram van sy diep gevoelens wanneer hy met God gepraat het nie. Hy het gevoel dat God hom geïgnoreer het, asof God geweier het om na sy gebede en hulpkrete te luister. Hy het gevoel asof God hom alleen gelaat het om bekommerd te wees en te ly, met sy vyande wat oor hom gejuig het. Hy het na God geroep en gesmeek dat God na hom moet kyk en antwoord.

Hierdie eerlike gebed wys vir ons die kwaliteit van Dawid se geloof. Hy het in sy pyn na God gedraai, 'n antwoord verwag en God se getrouheid onthou. Dawid het daarna gesmag om die Here se verlossing te sien, en hy het belowe om te juig en Hom te loof wanneer hy herstel is.

Wat staar jy hierdie seisoen in die gesig? Voel jy dat God jou verwaarloos, geïgnoreer of oorslaan? Is jy in 'n seisoen van jubel en loof jy God vir sy getrouheid? Of dalk ervaar jy beide. Jy voel verlies en pyn, maar jy kan ook God se voorsiening, wysheid, beskerming en sorg herken.

Advent is 'n seisoen van onthou en verwagting. Ons onthou die beloftes van God: Hy het belowe om 'n verlosser te stuur om sy volk van sonde en dood te red, en Hy het belowe om terug te keer om die wêreld te herstel en as Koning te regeer. Ons verwag dat God sy belofte sal nakom: Hy was getrou in die verlede en het sy belofte vervul om 'n Messias te stuur, en Hy sal getrou wees in die toekoms wanneer Jesus terugkeer.

Ons God is getrou. Niks is by Hom ongemerk nie. Maak nie saak watter pyn ons voel of die lof wat ons verkondig nie, Hy is altyd by ons. Toe God se volk op die Messias gewag het, was God vierhonderd jaar lank stil. Die mense het gevoel hulle is deur God geïgnoreer, selfs vergete. Maar Hy was besig om sy perfekte plan uit te werk in sy perfekte tydsberekening. Hy ignoreer jou nie. Hy weerhou nie van jou nie. Hy werk op maniere wat jy nie kan sien of verstaan nie, selfs nou, in jou situasie. En meer as dit, Hy werk op ongelooflike, onsigbare maniere om sy doel te bereik vir die perfekte oomblik wanneer Jesus Christus sal terugkeer. Ons kan op Hom vertrou!

## LEES

*Week 2 • Woensdag*

*Psalm 94*

1 Here, God wat onreg straf, U wat onreg straf, verskyn tog! 2 Kom, Regter van
die aarde, reken af met die mense wat hulle teen U verhef. 3 Hoe lank, Here,
hoe lank sal die goddeloses hulle nog verlustig in die leed van ander mense? 4
Hulle kook oor van vermetelheid; almal wat onreg doen, spog daarmee. 5 Hulle
vertrap u volk, Here, hulle verdruk die volk wat aan U behoort; 6 hulle vermoor
weduwees en vreemdelinge, hulle maak weeskinders dood 7 en dink die Here sien
dit nie, die God van Jakob met dit nie. 8 Gebruik tog julle verstand, julle wat so
dom optree onder die volk. Julle dwase, wanneer will julle dan verstandig word?
9 Sou Hy wat vir ons ore gemaak het, self nie kan hoor nie? Sou Hy wat vir ons
oë gemaak het, nie kan sien nie? 10 Sou Hy wat die nasies opvoed, nie ook straf
nie? Sou Hy wat die mensdom onderrig, self niks weet nie? 11 Die Here ken die
gedagtes van die mens, Hy weet dit beteken niks. 12 Dit gaan goed met die mens
wat deur U opgevoed word, Here, vir wie U onderrig in u woord 13 en vir wie U
rus gee na tye van teëspoed. Maar vir die goddelose word die graf reeds gegrawe.
14 Die Here verstoot nie sy volk nie, die volk wat aan Hom behoort, laat Hy nie
in die steek nie. 15 Die regspraak sal weer regverdig wees, alle opregtes sal hulle
daaraan kan hou. 16 Wie staan by my teen dié wat my leed aandoen? Wie help
my teen mense wat my veronreg? 17 As die Here my nie gehelp het nie, was die
stilte van die graf seker al my tuiste! 18 Toe ek gedink het my voete gly, het u
troue liefde my regop gehou, Here. 19 Toe ek met baie onrus in my binneste sit,
Het u vertroosting my tot rus gebring. 20 U duld geen korrupsie in die regspraak
nie, geen mens wat, teen u gebod in, ellende veroorsaak nie. 21 Hulle span saam
teen die regverdige, hulle veroordeel onskuldige mense tot die dood. 22 Maar vir
my is die Here 'n veilige vesting, my God is die rots waar ek kan skuil. 23 Hy sal
hulle laat boet vir hulle dade, Hy sal hulle verdelg oor hulle boosheid. Die Here
ons God sal hulle verdelg.

## SOAP

*Week 2 • Woensdag*

**SOAP** / *Psalm 94:14–15*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Woensdag*

**SOAP:**

*Psalm 94:14–15*

*Die Here verstoot nie sy volk nie, die volk wat aan Hom behoort, laat Hy nie in die steek nie. Die regspraak sal weer regverdig wees, alle opregtes sal hulle daaraan kan hou.*

**OORDENKING**

Psalm 94 stel God voor as die regter en wreker van die aarde. Hy word voorgestel as die een wat die goddelose vernietig vir al die verwoesting wat hulle veroorsaak het en die een wat die regverdiges red van dié wat teen hulle is. In die eerste eeu v.C het God se volk gewag dat die Messias as regter sou kom. Hulle het verwag dat hulle verlosser aarde toe sou kom en as koning sou regeer, die goddeloses sou vernietig en Jerusalem sou herstel. Maar God het gekom as 'n dienskneg. Hy het gekom om die Goeie Nuus te verkondig en baie na Homself te bring, om 'n offerdood te sterf sodat sy mense vry van sonde en dood kan wees. Hy het nog nie gekom om te oordeel nie.

Wanneer Christus terugkom, sal Hy kom as die regter van die aarde. Ons wag met verwagting vir ons regter, ons wreker, om te kom. Advent herinner ons om vir Hom te wag. Die Jode het in die eerste eeu op hulle Messias, hulle koning, gewag. Hy het eerstens gekom om die wêreld van sonde te red. Hy het ons sy geregtigheid gegee deur in ons plek te sterf. Hy het wraak geneem op die mag van die dood en dit eens en vir altyd uitgewis. Hy het meer gedoen as wat die Jode verwag het, maar nie presies waarvoor hulle gehoop het of wanneer hulle daarop gehoop het nie.

Wat ons begeer, kan goed wees, of dit nou die ondergang van die bose, vrede in ons nasies, herstel van ons verhoudings of genesing vir ons liggame is, maar dalk is dit nog nie sy perfekte tydsberekening nie. Ons voel dalk asof God nie die boosheid of pyn rondom ons sien nie; Hy doen. Hy sien ons vandag net soos Hy die onderdrukking gesien het wat die Jode in die eerste eeu in die gesig gestaar het. Hy werk.

Die Psalmdigter herinner ons daaraan dat God die een is wat ons die kennis gee van wat regverdig is. Ons sou nie onreg erken as dit nie vir die wysheid was wat Hy ons gee nie. As God aan ons openbaar wat onreg is, kan ons dan nie seker wees dat Hy, synde volkome regverdig, dit ook reg sal hanteer nie? God laat nie sy volk in die steek of verstoot hulle nie – Hy gryp in. Hy help. Hy stil ons bekommernis. Hy beskerm en beskut ons. Hy vernietig die goddelose. Kom ons vertrou die tydsberekening, die geregtigheid en die krag van ons God en wag met verwagting op Hom.

## **L E E S**

*Week 2 • Donderdag*

*Jesaja 40:1-11*

1 Die uitkoms is hier! Die uitkoms is hier! Dit, sê julle God, moet julle vir my
volk sê. 2 Bring vir Jerusalem die goeie tyding, sê vir hom sy swaarkry is verby,
hy het geboet vir sy sonde, hy het van die Here die volle straf ontvang vir al sy
sondes. 3 Iemand roep: “Maak vir die Here ’n pad in die woestyn, maak in die
barre wêreld ’n grootpad vir ons God! 4 Elke bult moet ’n gelykte word en elke
koppie ’n vlakte. 5 Dan sal die mag van die Here geopenbaar word; al wat leef, sal
dit sien. Die Here self het dit gesê.” 6 Iemand sê: “Roep!” En ek vra: “Wat kan ek
roep? Aller mense is soos gras, alles waarop hulle staatmaak, is soos ’n veldblom:
7 gras verdor en blomme verwelk as die Here sy wind daaroor laat waai.” Dit ís
so, die volk is soos gras. 8 Gras verdor en blomme verwelk, maar die woord van
ons God bly vir ewig. 9 Klim op ’n hoë berg en roep hard, Sion, jy wat die goeie
tyding moet bring; roep hard, Jerusalem, jy wat die goeie tyding moet bring,
moenie bang wees nie. Sê vir die stede van Juda: “Julle God is hier!” 10 Die Here
God kom, Hy is die Magtige, Hy regeer. Hy bring die volk saam wat Hy Syne
gemaak het, dié wat aan Hom behoort, is by Hom. 11 Soos ’n herder versorg Hy
sy kudde: die lammers maak Hy bymekaar in sy arms en hy dra hulle teen sy bors,
Hy sorg vir die lammerooie.

## SOAP

*Week 2 • Donderdag*

SOAP / *Jesaja 40:10–11*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Donderdag*

**SOAP:**

*Jesaja 40:10–11*

*Die Here God kom, Hy is die Magtige, Hy regeer. Hy bring die volk saam wat Hy Syne gemaak het, dié wat aan Hom behoort, is by Hom. Soos 'n herder versorg Hy sy kudde: die lammers maak Hy bymekaar in sy arms en Hy dra hulle teen sy bors, Hy sorg vir die lammerooie.*

**OORDENKING**

Hierdie week het ons tyd spandeer om te besin oor die gebrokenheid van die wêreld. Deur dit te doen, is ons oë oopgemaak om ons behoefte aan God te sien. Dit het ons gehelp om sy getrouheid in die verlede te onthou en met verwagting te wag vir wat Hy in die toekoms gaan doen. Jesaja 40 vertel ons hoe ons Here se wederkoms sal wees.

Hy kom as 'n oorwinnende vegter, wat sy krag wys en sy koninkryk vestig. Hy kom met groot verwagting, met sy volgelinge wat sy koms aankondig. Sy terugkeer is 'n troos vir sy volk, wat vrede en geregtigheid onder sy heerskappy inlui. Hy veg vir sy volk, vernietig die goddeloses en beloon dié wat regverdig is.

Ons groot God, ons almagtige Koning, sal terugkeer. Wanneer Hy dit doen, sal Hy sy krag en majesteit aan die wêreld bekend maak. Hy sal oordeel bring oor die wêreld van sonde, en Hy sal ook sy volk vertroos en hulle na Homself herstel nadat hulle berou getoon het. Jesaja herinner ons daaraan dat ons soos die blomme en die gras is wat verwelk en verdor, maar sy Woord is vir ewig betroubaar. Wat Hy belowe is onveranderlik, net soos Hyself.

Hy is nie net 'n magtige vegter nie, maar Hy is ook 'n goeie herder. Soos 'n herder sy skape ken, ken ons God ons intiem. Hy sien ons pyn, ken ons stryd en weerhou ons van skade. Hy dra ons in sy arms. Hy gee innig om vir elkeen van sy mense. Hy ken sy kudde, sorg vir sy lammers en dra hulle saam.

Advent is 'n tyd om spoed te verminder, om "nee" te sê vir wat die wêreld sê hierdie seisoen moet wees. Advent is 'n tyd om ons Koning wat sal kom, ons Goeie Herder, ons Verlosser en ons Heiland te onthou. Mag ons hierdie seisoen sy koms met ons woorde en ons lewens verkondig.

## LEES

*Week 2 • Vrydag*

*Romeine 8:18-25*

18 Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg
teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie. 19
Die skepping sien met gespanne verwagting daarna uit dat God bekend sal
maak wie sy kinders is. 20 Die skepping is immers nog aan die verydeling
onderworpe, nie uit eie keuse nie, maar omdat God dit daaraan onderwerp
het. Daarby het Hy die belofte van hoop gegee: 21 die skepping sal self ook
bevry word van sy verslawing aan die verganklikheid, om so tot die vryheid
te kom van die heerlikheid waaraan die kinders van God deel sal hê. 22 Ons
weet dat die hele skepping tot nou toe sug in die pyne van verwagting. 23 En
nie net die skepping nie, maar ook ons wat die Gees ontvang het as die eerste
gawe van God, ons sug ook. Ons sien daarna uit dat God sal bekend maak dat
Hy ons as sy kinders aangeneem het: Hy sal ons van die verganglikheid bevry.
24 Ons is immers gered, en ons het nou hierdie hoop. Wat 'n mens al sien,
hoop jy tog nie meer nie. Wie hoop nog op wat hy reeds sien? 25 Maar as ons
hoop op wat ons nie sien nie, wag ons daarop met volharding.

**SOAP**

*Week 2 • Vrydag*

SOAP / *Romeine 8:24–25*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Vrydag*

**SOAP:**

*Romeine 8:24–25*

*Ons is immers gered, en ons het nou hierdie hoop. Wat 'n mens al sien, hoop jy tog nie meer nie. Wie hoop nog op wat hy reeds sien? Maar as ons hoop op wat ons nie sien nie, wag ons daarop met volharding.*

**OORDENKING**

Die lyding wat ons in hierdie wêreld verduur, is 'n gevolg van sonde. Ons persoonlike lyding is dalk nie die gevolg van sonde nie, maar die rede vir gebrokenheid, pyn, gebondenheid en verval is sonde. Die skepping ly net so onder die sondelas. Ons wêreld roep uit, kreun, hoop op vryheid en verlossing. Ons betreur die sonde en swaarkry in ons wêreld en erken en bely ons aandeel daaraan. Maar wanneer ons dit doen, kan ons groot hoop uitoefen, met die oortuiging dat wat kom, die moeite werd is om voor te hoop.

Ons wag op verlossing. En wanneer ons in Christus is, het ons die gawe van hoop op wat kom. Hy het heerlike verlossing belowe, sowel die fisieke as geestelike verlossing van ons liggame, maar dit moet nog kom. Ons leef met gespanne verwagting op wat belowe is en die koms daarvan. Ons leef in die "reeds maar nog nie".

Terwyl ons wag, hou ons aan hoop vas – die hoop op volkome verlossing deur die werk van Jesus Christus. Te midde van gebondenheid hou ons aan dié hoop vas. Te midde van verval hou ons aan dié hoop vas. Terwyl ons liggame vergaan, ons gedagtes verander, ons geliefdes sterf of ons regerings tot 'n val kom, hou ons aan dié hoop vas. Want in hierdie hoop is ons redding. Wanneer ons hoop in die werk van Christus, in sy opoffering, opstanding en wederkoms, is ons gered.

Die doel van Advent is om ons te herinner aan ons huidige lyding en die groot hoop wat ons het. Dit is hierdie hoop wat ons laat aanhou. Sonder die hoop dat ons eendag die heerlikheid van Christus en ons volkome verlossing gaan ervaar, het ons geen rede om Hom te vertrou nie. Ons bewustelike keuse om daagliks aan sy beloftes vas te hou, is wat ons hoop laat toeneem.

Namate ons die swaarkry van hierdie wêreld verduur, neem ons volharding toe. Hierdie volharding verhoog ons hoop en oortuiging van wie aan die kom is: Christus ons Koning. Al sien ons Hom nie, het ons hoop op ons redding en verlossing. Kom ons wag gretig met groot volharding daarop.

## OORDENKING

*Week 2*

1. *Wat is van die vrae wat jy vandag aan God wil vra? Spandeer tyd om eerlik jou hart met Hom te deel.*

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

2. *Wat moet jy in hierdie seisoen onthou? Wat verwag jy van God in hierdie seisoen?*

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

3. *Hoe hanteer jy dit om op God te wag? Is jy ongeduldig, doen jy alles wat jy kan om God "uit te help"? Hoe help Psalm 94 jou terwyl jy op Hom wag?*

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

4. *Besin oor die diverse karakter van God. Wat versorg jou meer in hierdie seisoen, die feit dat Hy 'n magtige Kryger is of 'n sorgsame Herder?*

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

5. *Ons kan nie hoop op wat ons sien nie—waarom nie? Hoe volhard jy in hoop in hierdie seisoen? Hoe kan jy die hoop wat jy in Christus het, deel om diegene wat ly, aan te moedig?*

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

*...danksy die genadige ontferming van ons God. Soos die môreson sal Hy opgaan en uit die hoogte op ons afstraal, om lig te bring aan dié wat in duisternis en in die skaduwee van die dood lewe, om ons voetstappe te rig op die pad van vrede.*

*Lukas 1:78–79*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Vreugde kom nader. Hierdie week fokus ons daarop om getrou te wag op die wederkoms van Christus. Sy wederkoms sal ons gebrokenheid genees en alles nuut maak. Hy is die God wat herstel. Wat het jy nodig dat God in hierdie seisoen van jou lewe herstel? Hoe sal jy verwagtend en met vreugde wag terwyl jy voorberei vir Hom om dit te doen?*

## LEES

*Week 3 • Maandag*

*Psalm 126*

1 ’n Pelgrimslied. Toe die Here die lot van Sion verander het, was dit vir ons
soos ’n droom. 2 Ons het gelag en gesing. Onder die nasies het hulle gesê:
“Die Here het groot dinge aan hierdie mense gedoen.” 3 Die Here hét groot
dinge aan ons gedoen; ons was bly. 4 Verander tog ook nou ons lot, Here, soos
U droê spruite in die Suidland in waterstrome verander. 5 Wie met trane saai,
sal oes met gejuig inbring. 6 Al loop hy en huil terwyl hy de saaisak dra, hy
kom juigend terug terwyl hy sy gerwe dra.

**SOAP**

*Week 3 • Maandag*

SOAP / *Psalm 126:4–6*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Maandag*

**SOAP:**

*Psalm 126:4–6*

*Verander tog ook nou ons lot, Here, soos U droë spruite in die Suidland in waterstrome verander. Wie met trane saai, sal die oes met gejuig inbring. Al loop hy en huil terwyl hy die saaisak dra, hy kom juigend terug terwyl hy sy gerwe dra.*

**OORDENKING**

Die volk Israel het God se herstel beleef. Hulle het aanskou hoe Hy Sion so wonderbaarlik herstel het dat hulle gedink het hulle droom. Hulle het gejubel en God geloof vir die ongelooflike dinge wat Hy vir hulle gedoen het. God het die volk uit ballingskap in Babilon teruggebring en die tempel en stadsmure van Jerusalem herstel en weer opgebou.

Hierdie psalm is na daardie herstel geskryf, toe die volk Israel weer op God se herstel gewag het. Hulle het weer eens sy genesing en ingryping desperaat nodig gehad, en hierdie psalm het hulle herinner aan sy getrouheid in die verlede en hulle met vreugde vervul terwyl hulle uitgesien het na wat Hy in die toekoms gaan doen. Alhoewel hulle nog op God se herstel gewag het, het hulle sy goedheid, deernis en getrouheid onthou.

Hierdie week fokus ons op die ongelooflike vreugde wat ons in die Here het. Nadat ons aan die belofte van sy wederkoms en ons groot behoefte aan Hom gedink het, fokus ons op die vreugde wat ons alreeds in Hom het en die volkome vreugde wat ons gaan hê wanneer Hy ons herstel het.

As ons fokus op die vreugde wat ons in die Here het, kry ons hoop, ongeag wat ons omstandighede is. Ons ignoreer nie ons swaarkry nie, maar ons fokus op God se getrouheid en wat Hy belowe om te doen. Hy belowe om die wêreld te herstel. Hy belowe om terug te kom, die vyand te verslaan, en sy koninkryk op aarde te vestig. God belowe om vir ewig by ons te woon en om ons die ewige lewe te gee as ons in Hom glo.

As God hierdie ongelooflike beloftes aan ons kan nakom, as Hy die wêreld kan herstel, dan kan Hy sekerlik ons huidige omstandighede herstel. Nie net is Hy magtig genoeg om in te gryp nie, maar Hy is diep besorg oor die pyn en hartseer wat ons vandag in die gesig staar. Hy belowe om alles te herstel. God se weë en tydsberekening mag dalk anders lyk as waarop ons hoop, maar ons kan vreugde ervaar terwyl ons uitsien na die vervulling van sy beloftes en sy herstel wat aan die kom is. Mag ons juig selfs onderwyl ons op Hom wag.

## LEES

*Week 3 • Dinsdag*

*Sefanja 3:14-20*

14 Sing, Sion! Juig, Israel! Wees met alles wat jy is, vrolik en bly, Jerusalem!
15 Die Here het 'n einde gemaak aan jou straf, Hy het jou vyande laat padgee.
Die Koning van Israel, die Here, is by jou; jy hoef geen ramp meer te vrees
nie. 16 Daardie dag sal daar vir Jerusalem gesê word: Moenie bang wees nie,
Sion, moenie jou hande moedeloos laat hang nie! 17 Die Here jou God is by
jou, Hy, die krygsman wat red. Hy is vol vreugde oor jou, Hy is stil-tevrede
in sy liefde. Hy jubel en juig oor jou: 18 Ek maak dié bymekaar wat treur, ver
van die feestelikheid af, dié wat uit jou uit kom en ter wille van jou die smaad
gedra het. 19 Ek gaan nou optree teen almal wat jou verdruk het, Ek gaan die
kreupeles help, die verstrooides bymekaarmaak en die vernedring wat hulle moes
ondergaan, in eer verander, in roem oor die hele aarde. 20 Wanneer die tyd daar
is, laat Ek julle kom, maak Ek julle bymekaar en gee Ek aan julle roem en eer
onder al die volke op aarde; dit is die tyd wanneer Ek julle lot verander, julle sal
dit met julle eie oë sien, sê die Here.

## SOAP

*Week 3 • Dinsdag*

**SOAP** / *Sefanja 3:17*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Dinsdag*

**SOAP:**

*Sefanja 3:17*

*Die Here jou God is by jou, Hy, die krygsman wat red. Hy is vol vreugde oor jou, Hy is stil-tevrede in sy liefde. Hy jubel en juig oor jou.*

**OORDENKING**

Die boek Sefanja bied groot hoop vir God se volk. God se beloftes om 'n oorblyfsel van sy volk te beskerm en vir hulle 'n toekoms te gee, blyk uit hierdie boek. Die profeet Sefanja roep die volk van Juda op tot bekering. Hy bied vir hulle hoop dat God herstel sal bring vir diegene wat op sy oproep reageer. God se begeerte om sy volk te herstel word regdeur Sefanja geopenbaar terwyl Hy sy volk nog 'n kans gee om hulle van hul goddeloosheid te bekeer.

Die psalm wat aan die einde van Sefanja se profesieë ingesluit is, bring hoop vir God se volk. Dit herinner aan die herstel wat aan die kom is, die manier waarop God die vyande van sy volk gaan uitwis en sy volk deur sy oorweldigende liefde na Hom toe terugbring.

In hierdie Adventseisoen kan ons oor hierdie woorde nadink met die wete dat God reeds 'n deel van hierdie belofte vervul het: Hy het sy Seun, Jesus, gestuur om ons van sonde te red, Homself namens ons te offer. Jesus is die Een wat in die midde van sy volk was. Hy is die krygsman wat ons van sonde en dood verlos het. Hy is vol vreugde oor ons en maak ons nuut deur sy reddende liefde. En Jesus jubel en juig oor ons as ons in Hom begin glo.

Selfs terwyl ons nog wag, word God se beloftes uitgevoer. Ons Verlosser, Jesus, kom weer. Hy sal weer kom as 'n heersende Koning. Hy sal weer by ons woon. Hy is die krygsman wat ons van die vyand en die swaarkry van die wêreld gaan verlos. Hy is so vol vreugde oor ons dat Hy vir ons 'n ewige tuiste saam met Hom gereed gemaak het. Wanneer Hy terugkom, gaan Hy die hemele en aarde – en ons – nuut maak. En terwyl Hy oor ons jubel en juig, kan ons jubel en juig oor sy verlossing wat aan die kom is!

## LEES

*Week 3 • Woensdag*

*Lukas 1:5-25*

5 In die tyd van koning Herodes van Judea was daar ’n priester met die naam Sagaria, uit die diensgroep van Abia. Ook sy vrou het van Aäron afgestam, en haar naam was Elisabet. 6 Hulle was albei getrou aan die wet van God en het onberispelik al die gebooie en voorskrifte van die Here onderhou. 7 Hulle het geen kind gehad nie, omdat Elisabet onvrugbaar was. Buitendien was albei reeds op ver gevorderde leeftyd. 8 Op ’n keer toe Sagaria in die beurt van sy diensgroep besig was om die priesterdiens voor God te verrig, 9 is hy volgens die priesterlike gebruik deur die lot aangewys om in die tempel van die Here in te gaan en die wierook op die altaar te brand. 10 Terwyl die wierookoffer gebring is, was die hele volksmenigte buite besig om te bid. 11 Toe verskyn daar aan die regterkant van die wierookaltaar ’n engel van die Here aan hom. 12 Sagaria het geskrik toe hy hom daar sien staan en hy het baie bang geword, 13 maar die engel sê vir hom: “Moenie bang wees nie, Sagaria, want jou gebed is verhoor. Jou vrou, Elisabet, sal aan jou ’n seun skenk, en jy moet hom Johannes noem. 14 Hy sal ’n bron van blydskap en vreugde vir jou wees, en baie sal bly wees oor sy geboorte, 15 want hy sal groot wees in die oë van die Here. Wyn en bier sal hy glad nie drink nie, en reeds van sy geboorte af sal hy met die Heilige Gees vervul wees. 16 Hy sal baie uit die volk Israel laat terugkeer tot die Here hulle God. 17 En hy sal voor die Here uit gaan in dieselfde gees en krag as Elia, om vaders en kinders met mekaar te versoen, om ongehoorsames op die regte pad terug te bring en om so vir die koms van die Here ’n volk voor te berei.” 18 Toe sê Sagaria vir die engel: “Waaraan sal ek dit weet? Ek is ’n ou man, en my vrou is al op ver gevorderde leeftyd.” 19 Die engel antwoord hom: “Ek is Gabriël, wat in diens van God staan. Ek is gestuur om met jou te praat en hierdie goeie tyding vir jou te bring. 20 Kyk, jy sal stom wees en nie kan praat nie tot op die dag dat hierdie dinge gebeur, omdat jy my woorde, wat op die bestemde tyd vervul sal word, nie geglo het nie.” 21 Intussen het die volk vir Sagaria gestaan en wag en begin wonder waarom hy so lank in die tempel bly. 22 Toe hy uitkom, kon hy nie met hulle praat nie. Hulle kom toe agter dat hy in die tempel ’n gesig gesien het. Hy het net aanhoudend vir hulle beduie en stom gebly. 23 Toe die tyd van sy tempeldiens om was, het hy huis toe gegaan. 24 Na daardie tyd het sy vrou Elisabet swanger geword en haar vyf maande lank afgesonder. Sy het gesê: 25 “Die Here het dit vir my gedoen. Nou het Hy na my omgesien om my smaad onder die mense weg te neem.”

## SOAP

*Week 3 • Woensdag*

**SOAP** / *Lukas 1:13–17*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Woensdag*

**SOAP:**

*Lukas 1:13–17*

*maar die engel sê vir hom: "Moenie bang wees nie, Sagaria, want jou gebed is verhoor. Jou vrou, Elisabet, sal aan jou 'n seun skenk, en jy moet hom Johannes noem. Hy sal 'n bron van blydskap en vreugde vir jou wees, en baie sal bly wees oor sy geboorte, want hy sal groot wees in die oë van die Here. Wyn en bier sal hy glad nie drink nie, en reeds van sy geboorte af sal hy met die Heilige Gees vervul wees. Hy sal baie uit die volk Israel laat terugkeer tot die Here hulle God. En hy sal voor die Here uit gaan in dieselfde gees en krag as Elia, om vaders en kinders met mekaar te versoen, om ongehoorsames op die regte pad terug te bring en om so vir die koms van die Here 'n volk voor te berei."*

**OORDENKING**

God was vir meer as vierhonderd jaar lank stil. Hy het opgehou om met sy volk te praat en hulle het die afwesigheid van sy woord en leiding ervaar. Een paartjie, Sagaria en Elisabet, was regverdig en onberispelik voor God. Maar selfs alhoewel hulle al die gebooie en wette van die Here gevolg het, het hulle steeds pyn ervaar. Elisabet was onvrugbaar en dit was vir haar tussen haar mense 'n groot skande.

Dit was deur hierdie paartjie dat God sy stilte teenoor sy volk sou verbreek. God het met Sagaria gepraat in die Heilige Plek van die tempel en het aan hom vertel wat Hy op die punt staan om te doen. Sagaria se onvrugbare vrou sou swanger word en hierdie kind sou die voorloper van die Messias wees. Hierdie kind sou 'n getuie wees van die werk van die komende Verlosser en hy sou baie mense roep om te bekeer en na die Here terug te keer.

Die viering van Christus se geboorte kom nader. Ons sien uit na die Kersdag om aan te breek, maar ons moet nog wag. Soos Sagaria en Elisabet die koms van die Messias herken het, moes hulle steeds wag. Hulle kind sou die een wees om die mense voor te berei vir die Messias se koms. Terwyl hulle gewag het, het hulle vreugde vermeerder.

Terwyl ons wag vir Christus se wederkoms, vermeerder ons vreugde ook. Alhoewel ons hartseer en lyding ook deur ons lewens mag vermeerder, sal ons vreugde selfs meer vermeerder wanneer ons ons oë rig, nie op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare. Ons vertrou God se Woord en wag met verwagting vir die vervulling daarvan. Ons vier die geboorte van Christus met vreugde as gevolg van die werk wat Hy gedoen het om ons te red. Ons kyk ook met vreugde na sy wederkoms omdat ons weet dat die koms van ons Koning meer sal wees as wat ons ooit voor kon hoop of verwag.

**L E E S**

*Week 3 • Donderdag*

*Lukas 1:57-80*

57 Toe die tyd gekom het dat Elisabet se kind gebore moes word, het sy ’n seun
in die wêreld gebring. 58 Haar bure en familie het gehoor dat die Here aan haar
groot ontferming bewys het, en hulle was saam met haar bly. 59 Op die agste
dag het hulle gekom om die kindjie te besny, en hulle wou hom Sagaria noem
na sy pa. 60 Maar sy ma het gesê: “Nee! Hy moet Johannes genoem word.” 61
Hulle sê vir haar: “Daar is niemand in jou familie wat die naam het nie!” 62 Met
gebare vra hulle toe sy pa hoe wil hy hê dat die kindjie genoem moet word. 63
Hy vra toe ’n skryfbordjie en skryf daarop: “Johannes is sy naam.” En almal was
verbaas. 64 Onmiddelik het Sagaria sy spraak teruggekry en begin praat en God
geprys. 65 Almal wat rondom hulle gewoon het, is met ontsag vervul, en in die
hele bergstreek van Judea is daar baie gepraat oor al hierdie dinge. 66 Almal wat
dit gehoort het, het daaroor nagedink en gevra: “Wat sal hierdie kindjie eendag
word?” Dit was duidelik dat die Here by hom was. 67 Sagaria, die kindjie se pa,
is met die Heilige Gees vervul en het as profeet gesê: 68 “Lofwaardig is die Here,
die God van Israel, want Hy het sy volk in genade opgesoek en vir hulle verlossing
bewerk. 69 ’n Sterk Verlosser het Hy vir ons laat opstaan uit die huis van sy
dienaar Dawid. 70 So het die Here dit reeds van oudsher belowe deur die mond
van sy heilige profete: 71 om ons te verlos van ons vyande en uit die hand van al
ons haters; 72 om Hom te ontferm oor ons voorvaders en sy heilige verbond te
onthou. 73 Met ’n eed het Hy dit bevestig aan ons voorvader Abraham dat Hy
sou gee dat ons, 74 gered uit die hand van vyande, Hom onbevrees kan dien 75
in vroomheid en opregtheid al die dae van ons lewe. 76 “En jy, kindjie, ’n profeet
van die Allerhoogste sal jy genoem word, want jy sal voor die Here uit gaan om
sy pad gereed te maak, 77 om kennis van verlossing aan sy volk mee te deel:
verlossing deur vergifnis van hulle sondes, 78 danksy die genadige ontferming
van ons God. Soos die môreson sal Hy opstaan en uit die hoogte op ons afstraal,
79 om lig te bring aan dié wat in duisternis en in die skaduwee van die dood lewe,
om ons voetstappe te rig op die pad van vrede.” 80 Die kindjie het opgegroei
en sterk geword deur die Gees en het in die woestyn gebly tot op die dag van sy
openbare verskyning in Israel.

# SOAP

*Week 3 • Donderdag*

SOAP / *Lukas 1:76–79*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

# DAGSTUKKIE

*Week 3 • Donderdag*

**SOAP:**

*Lukas 1:76–79*

*"En jy, kindjie, 'n profeet van die Allerhoogste sal jy genoem word, want jy sal voor die Here uit gaan om sy pad gereed te maak, om kennis van verlossing aan sy volk mee te deel: verlossing deur vergifnis van hulle sondes, danksy die genadige ontferming van ons God. Soos die môreson sal Hy opgaan en uit die hoogte op ons afstraal, om lig te bring aan dié wat in duisternis en in die skaduwee van die dood lewe, om ons voetstappe te rig op die pad van vrede."*

**OORDENKING**

Wat belowe is, was uiteindelik hier. God het belowe om aan Sagaria en Elisabet 'n seun gegee en toe Johannes gebore is, het Sagaria sy geloof in God se belofte getoon, gehoorsaam aan God se bevel, deur hom te noem soos die engel beveel het. Hierdie was Sagaria se verlossingsoomblik en hy was oorweldig met vreugde en het God geloof.

Wat belowe is, was uiteindelik hier. God het belowe om 'n Verlosser te stuur, die Messias, die Een wat die wêreld van sonde en dood sou red. God het ook belowe dat 'n voorloper sou kom wat die weg vir die Messias sou maak. Johannes was die beloofde boodskapper, die een wat die koms van die Messias sou aankondig en die mense tot inkeer sou roep.

Wat belowe is, was uiteindelik hier. Soos ons ons harte voorberei vir die viering van Christus se geboorte op Kersdag, onthou ons al die beloftes wat God aan ons gemaak het. Hy het belowe om te herstel, te vergewe en om sy genade oor ons uit te stort. Hy het ons lig in die duisternis gegee deur sy Seun. God het reeds sy belofte vervul om ons van sonde en dood te red, en Hy sal sy belofte vervul om terug te keer as Koning. Ons onthou waarvoor ons wag selfs terwyl ons sy eerste koms vier.

Wat belowe is, sal verseker vervul word. God hou sy beloftes. Hy het sy beloftes aan Sagaria en Elisabet vervul, selfs al het Sagaria getwyfel. Hy het sy belofte gehou om ons te red van sonde toe Hy aan die kruis gesterf het. Hy sal sy belofte hou om terug te keer as Koning en ons die ewige lewe gee. En maak nie saak wat ons vandag in die gesig staar nie, maak nie saak hoe ons omstandighede lyk nie, ons kan op al sy beloftes vertrou, wetende dat God getrou is en dat Hy ons liefhet.

Wat belowe is, sal verseker vervul word. Sagaria het stil gaan staan en God geloof toe Johannes gebore is. Hy het God se magtige hand gesien en hy het Hom geloof. Wanneer ons sien hoe God in ons lewens werk, selfs al is dit nie die presiese resultaat of uitkoms waarvoor ons gehoop het nie, mag ons mense wees wat sal stilstaan en Hom loof vir wat Hy doen en hoe Hy werk. Want Hy is altyd met ons en Hy is altyd besig om te herstel.

## LEES

*Week 3 • Vrydag*

*Jesaja 35*

1 Die woestyn, die dor land, sal jubel, die droë wêreld sal juig, oortrek met
affodille; 2 hy sal in volle bloei staan, hy sal juig en sing, hy sal die prag van die
Libanon hê, die skoonheid van Karmel en Saron. Israel sal die mag van die Here
sien, die koninklike mag van ons God. 3 Bemoedig dié wie se hande slap hang,
help dié wie se knieë knik, 4 sê vir dié wat moed verloor het: "Wees sterk, moenie
bang wees nie, julle God is hier, Hy kom om wraak te neem, om julle vyande te
straf; God kom julle red!" 5 Blindes sal kan sien, dowes sal kan hoor, 6 lammes
sal kan rondspring soos takbokke, Stommes sal kan sing. Strome water sal uit
die woestyn uit bars; daar sal riviere loop in die droë wêreld. 7 Die verskroeide
aarde sal 'n moeras word, dorsland waterryke wêreld. Waar daar nou net vir
jakkalse lêplekke is, sal gras en riet en bessies groei. 8 Daar sal 'n grootpad deur
die woestyn loop en dit sal bekend staan as die gewyde pad. Onrein mense sal nie
daarop loop nie, dit sal net wees vir mense wat reg lewe; dwase sal nie meer op die
pad kom nie. 9 Daar sal nie leeus op die pad wees nie, daar sal nie roofdiere op
loop nie, hulle sal glad nie daar kom nie. Net die mense wat deur die Here gered
is, sal die pad gebruik. 10 Dié wat deur die Here verlos is, sal terugkeer, hulle sal
juigend in Sion aankom, hulle sal altyd straal van blydskap, hulle sal vol vreugde
en blydskap wees; ellende en smart sal verdwyn.

# SOAP

*Week 3 • Vrydag*

**SOAP** / *Jesaja 35:9–10*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Vrydag*

**SOAP:**

*Jesaja 35:9–10*

*Daar sal nie leeus op die pad wees nie, daar sal nie roofdiere op loop nie, hulle sal glad nie daar kom nie. Net die mense wat deur die Here gered is, sal die pad gebruik. Dié wat deur die Here verlos is, sal terugkeer, hulle sal juigend in Sion aankom, hulle sal altyd straal van blydskap, hulle sal vol vreugde en blydskap wees; ellende en smart sal verdwyn.*

**OORDENKING**

Dit voel soms moeilik om gedeeltes oor herstel of lof te lees wanneer ons in die middel van 'n seisoen van lyding is. Dit kan onmoontlik voel om bly te wees wanneer ons pyn oorweldigend is. Tog is dit wat Jesaja in sy profetiese bediening gedoen het: hy het die mense van Juda aangemoedig om bly te wees en God te loof, selfs wanneer hulle swaarkry en te midde van vernietiging.

Jesaja se woorde herinner ons om ons harte na God te draai en Hom te loof wanneer ons swaarkry. Hierdie spesifieke gedeelte is spesifiek vir die mense van Juda geskryf, en waarsku hulle van hul komende vernietiging en bemoedig hulle met die hoop op toekomstige herstel. Alhoewel ons nie die oorspronklike gehoor is nie, vertel hierdie gedeelte vir ons soveel oor die karakter van die God wat ons liefhet.

Ons God is almagtig. Hy versterk sy volk, en Hy wreek diegene wat verontreg is. Hy laat die dowes hoor, die blindes sien en die kreupeles hardloop. Ons God bring water na 'n dorre wildernis en skep 'n weg vir sy volk om terug te keer. Hy verlos van slawerny, Hy verlos sy volk van dit wat hul verstrengel. Ons God kroon hulle met vreugde en oorweldig hulle met geluk.

Jy is dalk nie in 'n seisoen wat gekenmerk word deur oorweldigende vreugde nie. Maar maak nie saak wat nie, die karakter van God bly dieselfde. Hy is steeds die God wat herstel, beloftes nakom en jou met vreugde en geluk kroon. Jy kan Hom vertrou, maak nie saak wat jy in die gesig staar nie. Advent herinner ons aan die oneindige vreugde wat ons in Christus het. Ons hoef nie te vrees, ineen te krimp of weg te kruip wanneer ons lyding in die gesig staar nie. Deur God se genade kan ons met vreugde lewe selfs te midde van pyn. Ons kan sy goedheid verkondig selfs wanneer dit lyk of ons wêreld uitmekaar val.

Terwyl jy vandag jou tyd in God se Woord afsluit, vra Hom om jou met hernieude vreugde te vul. Hy is met jou in wat jy ook al in die gesig staar, en Hy weet presies watter troos jy nodig het. Draai na Hom. Soek Hom. Vra Hom. Hy is die Een wat 'n weg maak, en Hy maak vandag 'n weg vir jou. Laat Hy jou oorweldig met vreugde in hierdie wagseisoen.

## OORDENKING

*Week 3*

1. *Hoe het jy in die verlede al gesien hoe God jou lewe of omstandighede herstel? Wat vra jy van Hom of wag jy vir Hom om vandag vir jou te doen? Hoe gee sy vorige getrouheid jou vreugde in jou huidige seisoen van wag?*

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

2. *Wat wys Sefanja 3:17 vir ons oor God se komende herstel? Hoe kan jy vandag vreugde vind en sy goedheid verkondig?*

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

3. *Hoe het God guns aan Elisabet en Sagaria bewys? Hoe is hulle vreugde vermeerder tydens hulle wag? Hoe het God jou vreugde vermeerder in seisoene van wag?*

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

4. *Skryf 'n kort lofgebed tot God. Verkondig die spesifieke maniere waarop Hy sy getrouheid in die laaste jaar geopenbaar het.*

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

5. *Voel jy oorweldig deur geluk en vreugde? Watter emosies oorweldig jou vandag? Hoe kan jy vreugde vind in die hoop wat jy in Christus het, selfs te midde van lyding?*

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

Hy sal groot wees en die
Seun van die Allerhoogste
genoem word. Die Here
God sal Hom die troon van
sy voorvader Dawid gee,
en Hy sal as koning oor
die nageslag van Jakob
heers tot in ewigheid. Aan
sy koningskap sal daar
geen einde wees nie.

Lukas 1:32–33

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Toe die Engel aan Maria aangekondig het dat sy swanger sal word met die Messias, het sy geglo. Sy het nagedink oor alles wat besig was om te gebeur terwul sy voorberei het op die koms van Christus. Hoe berei jy voor om die koms van Christus met Kersfees te vier? Hoe berei jy jou voor vir die koms van Christus wanneer Hy terugkeer?*

# LEES

*Week 4 • Maandag*

*Miga 5:1-3*

Maar jy, Betlehem-Efrata, jy is klein onder die families in Juda, maar uit jou
sal daar iemand kom wat aan My behoort en hy sal in Israel regeer. Sy begin
lê ver terug, in die gryse verlede! 2 Hy sal sy mense 'n kort rukkie prysgee, so
lank as dit 'n vrou neem om 'n kind in die wêreld te bring. Dan sal dié uit sy
familie wat die ramp oorleef het, terugkom na die Israeliete toe. 3 Hy sal na
vore kom en sy volk lei deur die krag wat die Here hom gee, deur die sterkte
van die Naam van die Here sy God. Hulle sal woon tot in die uithoeke van
die aarde, want hulle leier sal sterk wees.

**SOAP**

*Week 4 • Maandag*

SOAP / *Miga 5:3*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Maandag*

**SOAP:**

*Miga 5:3*

*Hy sal na vore kom en sy volk lei deur die krag wat die Here hom gee, deur die sterkte van die Naam van die Here sy God. Hulle sal woon tot in die uithoeke van die aarde, want hulle leier sal sterk wees.*

**OORDENKING**

Die profesie van Miga bied beide naderende oordeel en die belofte van 'n toekomstige seën op Israel en Juda. God het Miga as sy boodskapper gebruik om sy volk te konfronteer omdat hulle hul verbond met Hom verbreek het. Saam met sy boodskap van oordeel het Miga ook gepraat van God se groot genade en goedhartigheid. God se barmhartigheid, genade en liefderyke goedhartigheid sou die duidelikste gesien word in die persoon van Jesus, die Een wat God se kudde sou oppas en verlossing vir die wêreld sou bring.

God begeer die harte van sy mense, nie net hulle rituele nie. Elke keer as Hy oordeel uitgespreek het, het God ook belowe om sy volk met 'n glorieryke toekoms te herstel. God se toorn en genade loop langs mekaar en openbaar sy heiligheid saam met sy lojale liefde. Soos ons die laaste dae voor Kersfees nader, herinner Miga se woorde ons daaraan om ons harte te ondersoek. Doen ons dinge sonder om werklik te dink, voer ons die "rituele" van die seisoen uit, maar met harte wat afgelei is of ver van Hom af is?

Neem hierdie week tyd om jou hart te ondersoek. Fokus op die manier waarop jou hart Kersfees nader: is dit met stres en besig wees, of met vrede, vreugde en hoop? God se groot genade veroordeel ons nie, maar nooi ons uit om na Hom toe te kom, ons sondes te bely en al ons laste aan sy voete te los. Selfs in die donkerste tye vir God se uitverkore volk, toe hulle hewig teen Hom gedraai het en ander gode aanbid het, het Hy belowe om 'n oorblyfsel te bewaar. God sou hulle nie heeltemal vernietig nie, maar sou hulle aan sy goedheid en barmhartigheid herinner en hulle harte na Hom terugroep.

Hoe roep God jou hart na Hom hierdie week? Wat doen Hy in jou lewe wat sy groot genade, liefde en heiligheid aan jou wys? Terwyl ons die laaste dae voor Kersfees binnestap, laat ons onthou dat ons voorberei en wag op die koms van ons Koning, ons Goeie Herder, ons soewereine Here.

## LEES

*Week 4 • Dinsdag*

*1 Samuel 2:1-10*

1 En Hanna het gebid: "Ek jubel in die Here, ek is sterk in die Here. Ek lag my vyande uit, ek is bly oor die uitkoms wat U gegee het. 2 Daar is geen heilige soos die Here nie, buiten U is daar nie een nie, daar is geen rots soos ons God nie. 3 "Julle moenie in hoogmoed bly praat nie, moenie aanmatigende dinge sê nie, want die Here is 'n God van diepe kennis, dade word deur Hom getoets. 4 "Die boog van die matiges is verbreek, dié wat gestruikel het, het nuwe krag gekry. 5 Wie versadig was, moet hulle nou vir brood verhuur, wie honger was, het oorgenoeg om te eet. Die onvrugbare bring sewe in die wêreld, die een met baie kinders kwyn weg. 6 "Die Here maak dood en Hy maak lewend, Hy laat afdaal na die doderyk toe en Hy laat daaruit opkom. 7 Die Here maak arm en Hy maak ryk, Hy verneder, ook gee Hy aansien. 8 Hy laat die geringes uit die stof opstaan, Hy hef die armes op van die ashoop af, om hulle by vername mense te laat sit; Hy skenk hulle 'n ereplek. Aan die Here behoort die pilare van die aarde; Hy het die aarde daarop gegrondves. 9 "Hy beskerm sy troue dienaars op hulle pad, maar die goddeloses word stil gemaak in die duisternis van die graf. 'n Mens oorwin nie deur eie krag nie! 10 Dié wat teen die Here in opstand kom, word vernietig, van bo uit die hemel verbrysel Hy hulle. Die Here spreek reg tot by die eindes van die aarde, Hy verleen krag aan sy koning, Hy gee sterkte aan sy gesalfde."

*Psalm 113*

1 Prys die Here! Prys, dienaars van die Here, prys, die Naam van die Here! 2 Die Naam van die Here moet geloof word, nou en vir altyd. 3 Van waar die son opkom tot waar dit ondergaan, moet die Naam van die Here geprys word! 4 Hoog bo al die nasies heers die Here, sy mag strek selfs oor die hemele. 5-6 Wie in die hemel of op die aarde is soos die Here ons God, wat hoog woon en hier onder alles sien? 7 Die geringe help Hy op uit die stof, die arme laat Hy van die ashoop af opstaan 8 om hom by vernames van sy volk. 9 Aan die kinderlose skenk Hy 'n huisgesin, sy word 'n gelukkige moeder van kinders. Prys die Here!

## SOAP

*Week 4 • Dinsdag*

SOAP / *Psalm 113:1–2*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Dinsdag*

**SOAP:**

*Psalm 113:1–2*

*Prys die Here! Prys, dienaars van die Here! Die Naam van die Here moet geloof word, nou en vir altyd.*

**OORDENKING**

Soos ons deur die Advent seisoen gewandel het, het ons die koms van ons Koning onthou, die werklikheid van pyn in ons wêreld en die groot vreugde wat ons het terwyl ons wag. Soos ons hierdie week nader aan die viering van die geboorte van Christus kom, draai ons harte na lof.

Psalm 113 is geïnspireer deur Hanna se lied in 1 Samuel 2. Nadat sy vir baie jare gebid en vir 'n kind gevra het, kon Hanna verheug wees toe God uiteindeik haar gebed verhoor en vir haar 'n seun gegee het. Sy het die Here geprys vir sy karakter en sy ongelooflike werk in haar lewe. Hanna was vol vreude toe sy God se hulp en genade erken het om haar gebed te beantwoord, maar sy het dieper gegaan en ook haar vertroue in wie God is uitgespreek: Hy is Heilig en daar is niemand soos Hy nie.

Hierdie Psalm is deur die geslagte van die Isrealiete voorgedra. Dit het hulle herinner en vermaan om die Here in alle omstandighede te loof. Hy is lofwaardig, Hy is verhewe en niks kan met Hom vergelyk word nie. Hy is hoog verhewe, maar Hy buk af om na die aarde te kyk om vir sy mense te sorg. Hy lig die armes uit die stof op en sit hulle in ereplekke. Hy verander onvrugbaarheid in vrugbaarheid. God is lofwaardig.

Of ons nou gesien het hoe God gebede op wonderbaarlike maniere verhoor soos Hy vir Hanna gedoen het en of ons nog wag vir God om te antwoord, Hy is lofwaardig. Hy gee aandag aan ons, sy mense. Kersfees is bedoel om ons te herinner aan die verlossing waarvoor ons wag en dieVerlosser waarop ons wag. Terwyl ons wag loof ons sy karakter, getrouheid en liefde. Ons loof Hom vir wat Hy reeds in ons lewens gedoen het en verheug ons dat ons Hom eendag, wanneer al sy beloftes volkome vervul is, Hom nog meer sal loof.

## LEES

*Week 4 • Woensdag*

*Lukas 1:26-45*

26 In die sesde maand van Elisabet se swangerskap het God die engel Gabriël
gestuur na ’n maagd in Nasaret, ’n dorp in Galilea. 27 Sy was verloof aan Josef,
’n man uit die geslag van Dawid. Die naam van die maagd was Maria. 28 Toe
die engel by haar kom, sê hy: “Ek groet jou, begenadigde! Die Here is by jou.”
29 Sy was verbysterd oor die woorde en het gewonder wat die begroeting tog
kon beteken. 30 Die engel sê toe vir haar: “Moenie bang wees nie, Maria, want
God bewys genade aan jou. 31 Jy sal swanger word en ’n seun in die wêreld
bring, en jy moet Hom die naam Jesus gee. 32 Hy sal groot wees en die Seun
van die Allerhoogste genoem word. Die Here God sal Hom die troon van sy
voorvader Dawid gee, 33 en Hy sal as koning oor die nageslag van Jakob heers
tot in ewigheid. Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie.” 34 Maar Maria
sê vir die engel: “Hoe is so iets moontlik, aangesien ek nog nooit omgang met
’n man gehad het nie?” 35 Die engel antwoord haar: “Die Heilige Gees sal oor
jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal
die een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God. 36 Kyk, ’n
bloedverwant van jou, Elisabet, het in haar ouderdom self ook ’n seun ontvang,
en sy wat as onvrugbaar bekend was, is nou al in haar sesde maand. 37 Niks is
vir God onmoontlik nie.” 38 Maria sê toe: “Ek is tot beskikking van die Here.
Laat met my gebeur wat u gesê het.” Toe het die engel van haar af weggegaan.
39 Maria het haar sonder versuim gereed gemaak en haastig na ’n dorp in die
bergstreek van Judea gegaan. 40 Daar het sy in Sagaria se huis ingegaan en vir
Elisabet gegroet. 41 Net toe Elisabet die groet van Maria hoor, het die kindjie in
Elisabet se moederskoot beweeg, en sy is met die Heilige Gees vervul 42 en het
hard uitgeroep: “Geseënd is jy onder die vroue en geseënd is die vrug van jou
moederskoot! 43 Waaraan het dit te danke dat die moeder van my Here na my
toe kom? 44 Kyk, net tie die geluid van jou groet in my ore klink, het die kindjie
in my van vreugde beweeg. 45 Gelukkig is sy wat glo dat in vervulling sal gaan
wat die Here vir haar gesê het!”

## SOAP

*Week 4 • Woensdag*

**SOAP /** *Lukas 1:30–33*
**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Woensdag*

**SOAP:**

*Lukas 1:30–33*

*Die engel sê toe vir haar "Moenie bang wees nie, Maria, want God bewys genade aan jou. Jy sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring en jy moet Hom die naam Jesus gee. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word. Die Here God sal Hom die troon van sy voorvader Dawid gee en Hy sal as koning oor die nageslag van Jakob heers tot in ewigheid. Aan sy Koninskap sal daar geen einde wees nie."*

**OORDENKING**

Maria was 'n vrou wat haarself oorgegee het aan God se wil en haar planne opgeoffer het om aan die Here gehoorsaam te wees. Maria is deur God gekies om iets te doen wat niemand anders op aarde ooit gedoen het of ooit weer geroep sal word om te doen nie. Maria was dapper in die aangesig van hierdie lewensveranderende aankondiging van 'n engel van die Here. Sy was "baie onsteld" en het gewonder oor die betekenis van hierdie engel se woorde. Ons kry nie ander beskrywings van Maria se gedagtes of gevoelens op daardie oomblik nie. Al het sy vrae gehad, was sy bereid om haar lewe aan God se wonderbaarlike plan oor te gee.

God is so genadig dat Hy Elisabet se onverwagte swangerskap perfek gereël het om saam met Maria s'n te val. Elisabet se swangerskap was verbasend en Maria s'n wonderbaarlik. Maria het 'n familielid gehad om na te gaan, iemand wat ook 'n spesifieke roeping van die Here ontvang het. God het aan albei vroue 'n vriend gegee om op te steun. Terwyl Maria haar lewe en toekoms aan die Hree moes oorgee, het Hy haar nie sonder ondersteuning en gemeenskap gelaat nie.

Maria se houding en nederigheid voor die Here wys waarna ons moet streef in ons geloofswandel veral in die Adventseisoen. Maria het 'n skokkende aankondiging van 'n boodskapper van God ontvang en sy het dit met groot geloof ontvang. Sy het haar geheel en al aan die Here aangebied in die geloof dat dit wat God gesê het, sou gebeur. Elisabet het ook die wonderwerk herken en sy het Maria geseën en gesê: "Geseënd is sy wat geglo het dat wat deur die Here tot haar gespreek is vervul sou word" (Lukas 1:45).

As 'n tiener, pas swanger en ver van die huis af, het Maria sekerlik angstig gevoel terwyl sy op die vervulling van God se belofte gewag het. Selfs in die moeilike tye het sy haar hart op God se belofte gefokus en Hom geglo. Mag ons harte stil en nederig wees as ons Kerfees nader. Mag ons soos Maria in God se beloftes glo en in sy soewereiniteit rus.

## LEES

*Week 4 • Donderdag*

*Psalm 123*

1 'n Pelgrimslied. Ek sien na U op, U wat die hemel heers. 2 Soos die oë
van 'n slaaf gerig is op die hand van sy eienaar, soos die oë van 'n slavin
gerig is op die hand van haar eienares, so is ons oë gerig op die Here
ons God, totdat Hy Hom oor ons ontferm. 3 Ontferm U oor ons, Here,
ontferm U oor ons, want ons het meet as genoeg veragting gehad, 4 meer
as genoeg spot van oormoedige mense, Veragting van hovaardiges.

## SOAP

*Week 4 • Donderdag*

SOAP / *Psalm 123:1–4*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION /** *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER /** *Skryf ‘n gebed oor wat jy geleer het*

# DAGSTUKKIE

*Week 4 • Donderdag*

**SOAP:**

*Psalm 123:1-4*

*'n Pelgrimslied. Ek sien na U op, U wat uit die hemel heers. Soos die oë van 'n slaaf gerig is op die hand van sy eienaar, soos die oë van 'n slavin gerig is op die hand van haar eienares, so is ons oë gerig op die Here ons God, totdat Hy Hom oor ons ontferm. Ontferm U oor ons, Here, ontferm U oor ons, want ons het meer as genoeg veragting gehad, meer as genoeg spot van oormoedige mense, veragting van hovaardiges.*

**OORDENKING**

Psalm 123 is 'n pelgrimslied, 'n psalm wat elke jaar deur die mense van Israel gesing en voorgedra word terwyl hulle die pelgrimstog na die tempel in Jerusalem gemaak het. As 'n Jood was Maria waarskynlik vertroud met hierdie psalm. Terwyl ons oor hierdie psalm en Maria se verhaal nadink, vind ons 'n gebed vir die soort nederigheid en stilte wat ons in hierdie seisoen soek.

Die psalmis kyk na God, en hou vas aan elke woord van Hom. Die psalmis is gevestig op God, gefokus daarop om op sy antwoord en sy verlossing te wag, en te wag vir God om guns te bewys. Hy is moedig om die Here om sy goddelike guns te vra, en God te herinner aan die vernedering en veragting wat hy deur die hande van hoogmoediges ontvang het.

In 'n tyd in Israel se geskiedenis toe hulle onderdrukking en buitelandse heerskappy in die gesig gestaar het, sou Maria en diegene in haar gemeenskap vertroud wees met hierdie tipe onderdrukking. Hulle het gehoop en gewag dat God 'n verlosser sou stuur, om guns aan hulle te bewys en hulle van hul vyande te verlos.

God het geantwoord. Hy het spesifieke, persoonlike guns aan Maria bewys toe Hy haar gekies het om die moeder van Messias te wees, die een deur wie die Seun van God gebore sou word. Hy het guns bewys aan sy volk, aan die Jode en aan diegene wat in Hom sou glo, deur sy Messias na die wêreld te stuur.

Hy het guns aan ons bewys deur sy Seun te stuur. Hy betoon ons nou guns, daagliks, terwyl ons saam met Hom wandel. En Hy sal ons weer guns bewys wanneer Christus as Koning terugkeer. Mag ons die guns van God onthou wanneer ons sy goedheid oordink en wag op sy verlossing.

## LEES

*Week 4 • Vrydag*

*Lukas 1:46-55*

46 En Maria het gesê: "Ek besing die grootheid van die Here, 47 ek juig oor God, my Verlosser, 48 omdat Hy na my In my geringheid omgesien het. Kyk, van nou af sal elke nuwe geslag my gelukkig noem, 49 omdat Hy wat magtig is, groot dinge aan my gedoen het. Heilig is sy Naam! 50 Hy bewys ontferming van geslag tot geslag aan dié wat Hom eer. 51 Kragtige dade het Hy met sy arm verrig: hoogmoediges in hulle eiewaan het Hy uitemekaargejaag; 52 maghebbers het Hy van trone afgeruk en geringes verhoog; 53 behoeftiges het Hy oorlaai met goeie gawes en rykes met leë hande weggestuur. 54 Sy dienaar Israel het Hy te hulp gekom deur te dink aan sy beloftes van ontferming 55 soos Hy dit toegesê het aan ons voorvaders, aan Abraham en sy nageslag tot in ewigheid."

## SOAP

*Week 4 • Vrydag*

**SOAP** / *Lukas 1:46–50*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Vrydag*

**SOAP:**

*Lukas 1: 46-50*

*En Maria het gesê: "Ek besing die grootheid van die Here, ek juig oor God , my Verlosser, omdat Hy na my in my geringheid omgesien het. Kyk, van nou af sal elke nuwe geslag my gelukkig noem, omdat Hy wat magtig is, groot dinge aan my gedoen het. Heilig is sy Naam! Hy bewys ontferming van geslag tot geslag aan dié wat Hom eer.*

**OORDENKING**

Die Magnificat, Maria se lofsang, is ‘n grootse uitdrukking van geloof in die soewereine gesag en goedheid van God. Maria het verheug in God se goedheid teenoor haar en het Hom geprys vir sy krag en heiligheid. Sy het gepraat van God se teenkanting teen misbruikende mag, trots, die onderdrukking van die kwesbares en sy voorsiening vir die armes en hongeres. Sy het God se voorneme erken om onregverdige stelsels en beledigende magte aan die kaak te stel, ‘n werklikheid wat sy in die lewe en bediening vna haar seun Jesus sou aanskou.

Maria se loflied is geskoei op beide Hanna se gebed in 1 Samuel 2 en Psalm 113. Soos Hanna het Maria gefokus op die verlossing van die Here, op sy heiligheid en sy krag. Albei het God geprys vir sy verlossing van behoeftiges en armes en hoe Hy oor sy mense waak. Terwyl Jesus nie aardse koninkryke tydens sy eerste koms sou vernietig nie, het Hy die mag van sonde en dood vernietig. Maria het die Here verhef selfs terwyl sy gewag het dat Hy al sy beloftes nakom.

Vandag wag ons steeds op die koms van die Here. Ons bevind ons steeds in ‘n wêreld met arrogante, trotse mense, ‘n wêreld van lyding, oorlog, verlies, dood en pyn. Maar selfs hierin het ons vreugde! Ons het vreugde omdat ons weet wat kom. Ons kan rus en ons verheug in alles wat Hy gedoen het en alles wat Hy sal doen, en ons kan Hom vertrou om te voorsien wat ons nodig het. Hy het sy Seun gestuur om die plaasvervanger te wees, om vir ons te sterf en om ons van ons sonde en dood te red. En wanneer Hy terugkeer, sal Hy as Koning regeer, sy geregtigheid vestig en pyn en gebrokenheid eens en vir altyd uit die wêreld verwyder. Mag ons siele die Here verhef!

## OORDENKING

*Week 4*

1. *Hoe roep God hierdie week jou hart na Hom toe? Wat doen Hy in jou lewe wat sy groot barmhartigheid en liefde sowel as sy heiligheid vertoon?*

..........

..........

..........

2. *Waarvoor loof jy God vandag? Prys Hom vir sy karakter en heiligheid sowel as sy dade van getrouheid in jou lewe.*

..........

..........

..........

3. *Wat is die houding van jou hart as jy Kersdag nader? Hoe kan jy tot Jesus nader terwyl jy voorberei om sy geboorte te vier?*

..........

..........

..........

4. *Hoe het God in die verlede aan jou guns bewys? Hoe het God aan jou guns bewys in jou huidige seisoen?*

..........

..........

..........

5. *Watter groot dinge het God vir jou gedoen? Hoe sal jy, soos Maria, sy goedheid aan toekomstige geslagte verkondig?*

..........

..........

..........

*w*

# Sluit By Ons Aan

**AANLYN**

*lovegodgreatly.com*
*lovegodgreatly.com/afrikaans*

**JOERNALE**

*lovegodgreatly.com/store*

**FACEBOOK**

*lovegodgreatly*
*lovegodgreatlyafrikaans*

**INSTAGRAM**

*@lovegodgreatlyofficial*
*@lovegodgreatlyafrikaans*

**APP**

*Love God Greatly*

---

**KONTAK ONS**

*info@lovegodgreatly.com*
*lovegodgreatlyafrikaans@gmail.com*

**SKAKEL BY ONS IN**

*#LoveGodGreatly*
*#LoveGodGreatlyAfrikaans*

## VIR JOU

### *Wat ons bied*

Meer as 40 Vertalings
Bybelleesplanne
Aanlyn Bybelstudie
Love God Greatly Toepassing
Meer as 200 Lande Bedien
Bybelstudie Joernale
Gemeenskapsgroepe
Love God Greatly Bybel
Love God Greatly Joernaal

### *Elke studie sluit in*

Drie Blogplasings per Week
Daaglikse Dagstukkies
Memoriseerverse
Weeklikse Uitdagings
Weeklikse Oordenkingsvrae
Oorbruggings Leesplan

### *Ander studies*

Die Grootste Geskenk
Geloof Bo Volmaaktheid
In Jesus Is Jy...
Vriendskap
In die Begin
Die Evangelie van Markus
Verlos van Skande
Ewige Verbond
Jesus, Ons Alles
Ken die Liefde
In Sy Krag: Gister en Vandag
Vrees en Angs
Opgestaan
Nader tot God
Saligsprekinge
Ester
Woorde Maak Saak
Wandel in Oorwinning
Laat Reg Geskied, Bewys Liefde En Trou, Lewe
Bedagsaam Voor Jou God
Getroue Liefde
Wees Dapper
Verlosser
Beloftes van God
Liefde Sonder Vooroordeel
Waarheid Oorwin
1 & 2 Tessalonisense
Vrees en Angs
Jakobus
Sy Naam Is...
Filippense
1 & 2 Timoteus
Toegewy
Rut
Gebroke en Verlos
Wandel in Wysheid
God Met Ons
Jy is Vergewe
Dawid
Prediker
Groei deur Gebed
Name van God
Galasiërs
Psalm 119
1 & 2 Petrus
Gemaak vir Verhoudings
Die Pad na Kersfees
Die Bron van Dankbaarheid
Jy is Geliefd